# BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

Helena Elizabeth Holtzhausen

(B.A.Honns., B.Ed., H.O.D., V.D.O.)

Verhandeling voorgelê vir die nakoming van die vereistes van die graad Magister Educationis in Vergelykende Opvoedkunde in die Departement Opvoedingswetenskappe in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mev. E.A.S. De Waal

Hulpleier: Prof. A.M.C.Theron

Vanderbijlpark

1996

**DANKBETUIGING**

Aan God alleen kom toe al die dank, lof en eer.

Graag betuig ek my opregte dank en waardering aan:

* Mev. E.A.S. De Waal vir haar bekwame leiding as studieleier. Dit was 'n voorreg om te kon werk onder iemand met entoesiasme vir haar vakgebied.
* Prof. A.M.C. Theron as hulpleier vir sy positiewe bydrae en motivering.
* My eggenoot, Hannes vir sy ondersteuning en hulp.
* My seun, Heinrich vir sy geduld, begrip en liefde.
* Mev. A. Oosthuizen vir die statistiese verwerking van die navorsingsdata.
* Personeel van die Ferdinand Postmabiblioteek, Vaaldriehoekkampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys vir die bekwame wyse waarop hulp verleen is.
* Mev.S. Geldenhuys, vir die versorging van die bronnelys.

**SUMMARY**

**VOCATIONAL DIRECTED EDUCATION IN SOUTH AFRICA**

Based on a study of the relevant literature, this research aims firstly at determining the meaning of the concepts vocational education, vocational directed education, career education and career directed education. Secondly it aims to determine by means of an empirical study the opinion of business leaders in commerce and industry regarding school leavers, their expectations of education and recommendations regarding education in the country.

The literature study was based on primary and secondary sources. A DIALOG computer search was undertaken on ERIC, SABINET and NAVO. After a thorough study had been done, a questionnaire was compiled. This questionnaire was used during interviews with representatives of Human Resource Departments of various companies.

The biggest employers in the Gauteng province were taken as target group. Two representative companies from each of the following categories were selected for interviews: steel industries, banking, insurance, transport, mining, furniture industries, clothing industries, chain stores, civil

engineering, food industry, accounting firms and personal services.

The data obtained from the interviews were processed and interpreted with the help of a computer. Subsequent to these results recommendations with regard to the education system in South Africa, were made.

The main findings of the research were that vocational directed education is relevant education which prepares the pupil for a specific occupational direction but still leaves room for a great variety of occupations. The economic and manpower needs and the high unemployment rate in South Africa, necessitates the need for relevant education. The ideals that are envisaged by commerce and industry are that education should promote critical thinking and entrepreneurship with a view to job creation in the future.

**OPSOMMING**

**BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA**

Die doel met hierdie navorsing is om eerstens, na aanleiding van 'n literatuurstudie, te bepaal wat beroepsgerigte onderwys behels, tweedens te bepaal watter voorsiening tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir beroepsgerigte onderwys gemaak word en derdens vas te stel wat die opvattings van bedryfsleiers in die Gautengprovinsie is oor die paraatheid van skoolverlaters vir toetrede tot die arbeidsmark en wat hul verwagtinge in die verband is.

Die literatuurstudie is onderneem uit primêre en sekondêre bronne. 'n DIALOG-rekenaarsoektog is onderneem op ERIC, SABINET en NAVO. Nadat die literatuurstudie afgehandel is, is 'n vraelys opgestel om te gebruik tydens onderhoudvoering.

Onderhoude is gevoer met verteenwoordigers van die grootste werkverskaffers in die Gautengprovinsie. As teikengroep is twee uit elk van die volgende groepe gekies: staalnywerhede, bankwese, versekering, vervoerwese, mynwese, meubelbedryf, klerebedryf, kettingwinkels, siviele ingenieurswese, voedselbedryf, rekenmeestersfirmas en persoonlike dienste.

Die data wat deur middel van onderhoude verkry is, is met behulp van 'n rekenaar statisties verwerk en daarna geïnterpreteer. Na aanleiding van hierdie resultate is aanbevelings gemaak ten opsigte van die onderwysstelsel in die RSA.

Die hoofbevindinge van die navorsing was dat beroepsgerigte onderwys relevante onderwys is wat die opvoedeling in 'n bebepaalde beroepsrigting voorberei, maar nog steeds ruimte laat vir 'n groot verskeidenheid beroepe in die gekose rigting. Die besondere ekonomiese en mensekragbehoeftes, asook die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika, bring juis 'n behoefte mee aan relevante onderwys. Die behoefte word verwoord in die verwagtinge van nywerhede en die bedryf ten opsigte van meer relevante en praktykgerigte onderwys. Die ideaal wat gestel word deur nywerhede en die bedryf, is dat onderwys kreatiewe denke en entrepreneurskap sal bevorder met die oog op werkskeppiing in die toekoms.

**I N H O U D S O P G A W E**

**HOOFSTUK 1 : ORIëNTERING**

**1.1 INLEIDING** 1

**1.2 PROBLEEMSTELLING** 3

**1.3 DOEL MET DIE NAVORSING** 10

**1.4 NAVORSINGSMETODE**

1.4.1 Literatuurstudie 11

1.4.2 Empiriese ondersoek 12

**1.5 SAMEVATTING** 12

**HOOFSTUK 2 : DIE WESENSAARD VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS**

**2.1 INLEIDING** 14

**2.2 BEGRIPSVERKLARING**

2.2.1 Beroepsonderwys 15

2.2.2 Beroepsgerigte onderwys 20

2.2.3 Loopbaanonderwys en loopbaangerigte onderwys 23

2.2.4 Sintese 26

**2.3 DIE KENMERKE VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS 29**

2.3.1 Beroepsgerigte onderwys is relevante onderwys 29

2.3.2 Beroepsgerigte onderwys is gerig op toekomstige werksgeleenthede 32

2.3.3 Beroepsgerigte onderwys berei leerlinge voor vir 'n bepaalde beroepsrigting, nie vir 'n bepaalde beroep nie 35

2.3.4 Beroepsgerigte onderwys kan die uitdagings van die tegnologiese era die hoof bied 36

2.3.5 Beroepsgerigte onderwys het as hoofdoel die voorsiening in die mensekragbehoeftes van die land 37

2.3.6 Beroepsgerigte onderwys vereis dat veranderinge in die onderwysstelsel vinniger moet plaasvind 40

2.3.7 Op tersiêre vlak gaan beroepsgerigte onderwys hand aan hand met koöperatiewe onderwys 42

2.3.8 Die inhoud van beroepsgerigte onderwys word vanuit die werklikheid geselekteer 45

2.3.9 Beroepsgerigte onderwys vereis voortdurende herkurrikulering 47

2.3.10 Beroepsgerigte onderwys stel andersoortige eise aan onderwysersopleiding as akademiese onderwys 48

2.3.11 Beroepsgerigte onderwys kan dien as teenvoeter vir die negatiewe houding van die gemeenskap jeens beroepsonderwys 51

2.3.12 Beroepsgerigte onderwys is duurder as ander vorme van onderwys 52

2.3.13 Beroepsgerigte onderwys kan ekonomiese groei bevorder 53

**2.4 SAMEVATTING 55**

**HOOFSTUK 3 : BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA**

**3.1 INLEIDING 56**

**3.2 DIE VOORSIENING VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA 58**

3.2.1 Die voorsiening van formele beroepsgerigte onderwys 58

3.2.1.1 Beroepsgerigte onderwys vir swartes 58

a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948) 58

b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948 - 1994) 60

3.2.1.2 Beroepsgerigte onderwys vir blankes 66

a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948) 66

b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948 - 1994) 69

3.2.1.3 Beroepsgerigte onderwys vir kleurlinge 73

a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948) 73

b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948 - 1994) 75

3.2.1.4 Beroepsgerigte onderwys vir Indiërs 77

a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948) 77

b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948 -1994) 77

3.2.1.5 Die tydperk na Nasionale Party bewind (na 27 April 1994) 78

3.2.2 Voorsiening van nie-formele beroeps-gerigte onderwys 79

3.2.2.1 Inleiding 79

3.2.2.2 Betrokkenheid van die privaatsektor by primêre en sekondêre beroeps-gerigte onderwys 79

3.2.2.3 Betrokkenheid by tersiêre onderwys 81

3.2.2.4 Finansiële betrokkenheid 82

**3.3 DIE KURRIKULUM VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA** **84**

3.3.1 Oriëntering 84

3.3.2 Die huidige kurrikulum 85

**3.4 DIE VRAAG NA BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA** **88**

**3.5 SAMEVATTING** **91**

**HOOFSTUK 4 : 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE OPVATTINGE VERWAGTINGS EN AANBEVELINGS VAN BEDRYFSLEIERS AANGAANDE ONDERWYS IN DIE RSA**

**A. NAVORSINGSONTWERP**

**4.1 INLEIDING** **93**

**4.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK** **94**

**4.3 DIE MEETINSTRUMENT** **94**

4.3.1 Die persoonlike onderhoud 94

4.3.1.1 Oriëntering 94

4.3.1.2 Voordele van die persoonlike onderhoud 95

4.3.1.3 Nadele van die persoonlike onderhoud 98

4.3.2 Die konstruksie van die vraelys vir gebruik tydens onderhoude (kyk Bylae A) 101

4.3.2.1 Algemene konstruksie 101

4.3.2.2 Afdeling A van die vraelys 102

4.3.2.3 Afdeling B van die vraelys 102

4.3.2.4 Afdeling C van die vraelys 102

4.3.2.5 Afdeling D van die vraelys 103

4.3.2.6 Afdeling E van die vraelys 103

4.3.3 Populasie en steekproef 104

4.3.4 Loodsondersoek 105

4.3.5 Hantering van onderhoude 106

4.3.6 Administratiewe prosedures 107

**B. INTERPRETERING VAN INLIGTING VERKRY TYDENS ONDERHOUDE**

**Afdeling A : Algemene inligting aangaande die respondent** 108

Tabel 4.1 Geslag van respondente 108

Tabel 4.2 Ouderdom van respondente 108

Tabel 4.3 Kwalifikasies van respondente 109

Tabel 4.4 Jare ondervinding in huidige bestuurspos by die betrokke maatskappy 110

**Afdeling B : Algemene inligting aangaande die maatskappy** 111

Tabel 4.5 Tipe onderneming 111

Tabel 4.6 Hoeveelheid mense in diens van die onderneming 112

Tabel 4.7 Omgewing waarin die onderneming geleë is 112

**Afdeling C : Opvattings oor skoolverlaters** 113

Tabel 4.8 Gereeldheid van indiensneming van skoolverlaters 113

Tabel 4.9 Besonderhede aangaande 'n spesifieke beleid ten opsigte van indiensneming van skoolverlaters 114

Tabel 4.10 Produktiwiteit van skoolverlaters by indiensneming 114

Tabel 4.11 Die akademiese kwaliteit van skoollaters 115

Tabel 4.12 Voorkeur aan enige spesifieke tipe skool se leerlinge 116

Tabel 4.13 Redes waarom voorkeur gegee word aan spesifieke tipe skool se leerlinge 117

**Afdeling D : Betrokkenheid by onderwys** 117

Tabel 4.14 Mate waarin die maatskappy tans betrokke is by onderwys 117

Tabel 4.15 Respondente wat meen voorgenome betrokkenheid word soms in die wiele gery 118

Tabel 4.16 Wyses waarop voorgenome betrokkenheid in die wiele gery word 118

Tabel 4.17 Vorme van betrokkenheid wat beplan word vir die nabye toekoms deur maatskappye wat tans nie betrokke is nie 119

**Afdeling E : Menings oor en verwagtinge van die onderwys** 120

Tabel 4.18 Persepsies oor die aard van die onderwys wat tans in die land aangebied word 120

Tabel 4.19 Verwagtinge van 'n ideale onderwysstelsel 121

Tabel 4.20 Respondente wat veranderinge sou wou aanbeveel vir die huidige onderwysstelsel gegewe die realiteite in die land 122

Tabel 4.21 Veranderinge wat ten opsigte van die onderwys aanbeveel word 123

**4.4 SAMEVATTING** **124**

**HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS**

**5.1 INLEIDING** **125**

**5.2 SAMEVATTING** **126**

**5.3 BEVINDINGE** **127**

5.3.1 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 1 127

5.3.2 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 2 129

5.3.3 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 3 129

5.3.3.1 Opvattings van die bedryfsleiers in die Gautenprovinsie ten opsigte van onderwys in die RSA 130

5.3.3.2 Verwagtings van die bedryfsleiers in die Gautengprovinsie ten opsigte van onderwys in die RSA 132

**5.4 AANBEVELINGS** **134**

5.4.1 Aanbevelings voortvloeiend uit die navorsing 134

5.4.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing 136

**5.5 SLOT** **139**

**BIBLIOGRAFIE** **140**

**BYLAE A** **162**

# HOOFSTUK 1 : ORIëNTERING

## 1.1 INLEIDING

Die jaar 1992 is ingelei met hoofberigte in die nuus-media oor onder andere heelwat skoolverlaters in die RSA wat nie werk kon kry nie (Kirstein, 1992: 19). Volgens die Oktober 1992 maandbulletin van die Departement van Mannekrag (1992:10) was daar 300 309 geregistreerde werkloses in die RSA. Ongeregistreerde werkloses is nie by diè syfers ingereken nie. Net 7 uit elke 100 nuwe toetreders tot die arbeidsmark in die RSA kon wel in 1992 werk kry. Volgens mnr. Johan le Roux, Noord-Transvaalse Voorsitter van die Personeeldiensorganisasie (Apsu) sou net een uit elke tien nuwe toetreders tot die arbeidsmark in 1993 werk kry (Malan, 1993:10). Tog is daar sowat 20 beroepe waarin kritieke tekorte bestaan - sodanig dat immigrante in diens geneem word (Gous, 1992 :1). Hierdie tekorte bestaan hoofsaaklik op die gebied van hoë vaardigheidsvlakke (NEPI, 1992b:4).

As gevolg van die swak ekonomiese toestand in die land, behoort daar deeglik besin te word oor die effektiwiteit van die onderwysstelsel in die RSA. Die

dringendheid van sodanige besinnings word in die literatuur ondersteun deur uitsprake soos die van Moulder wat praat van "education for unemployment" (James, 1992:41). Burger (1981:36-37) meen dat die toename in die getalle van werkloses 'n sigbare gevolg is van "onderwys-in-'n-vakuum". Hiermee bedoel hy onderwys waarin daar gestreef word om onderwys te gee aan groot getalle leerlinge, sonder die inagneming van die kwaliteit en tipe van onderwys deur die samelewing vereis. Sodanige onderwys weerspreek die beginsel van kontinuïteit tussen skool en beroepswêreld.

In die verlede is akademiese **en** beroepsonderwys al dikwels geëvalueer en die leemtes en voordele van albei stelsels uitgewys (Niebuhr, 1985:35-39; Becker, 1989:6). Wat duidelik uit hierdie navorsing blyk, is dat nie akademiese **of** beroepsonderwys die ideale vorm van onderwys is nie, maar dat daar eerder gekyk moet word na **beroepsgerigte onderwys.** Die term word later omskryf.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

'n Situasie van werkloosheid soortgelyk aan dié wat tans in die RSA heers, het 'n paar jaar gelede in Brittanje bestaan. Pollard, Purvis en Walford (1988: 90) is van mening dat dit foutiewe voorsiening eerder as 'n tekort in aanvraag is wat werkloosheid onder die Britse jeug veroorsaak het.

Sedert 1976 het politici en opvoedkundiges in die suide van Engeland deeglik bewus geword van die probleem van skoolverlaters om werk te kry. Dit is algemeen deur politici aanvaar dat die Britse jeug by skoolverlating nie oor die nodige kennis, vaardighede of lewenshouding beskik om te kan kompeteer in die arbeidsmark nie. Enkele onderwysers het hierdie probleem ernstig opgeneem en na konsultasie met industrieë het hulle die samewerking van hierdie industrieë gekry in die formulering van 'n kurrikulum en plasing van finalejaarstudente in industrieë. Hierdie sogenaamde "skill-sampling" kursusse het behels dat leerlinge een dag per week in die industrieë deurbring. Die leerlinge se selfvertroue het verbeter deur die werkervaring en die maatskappye het die leerlinge as potensiële werkers leer ken. Die resultaat van hier-

die kursusse was dat dié leerlinge by skoolverlating heelwat makliker werk gekry het. Hierdie program was so suksesvol dat dit baie uitgebrei is in Brittanje (Pollard, Purvis & Walford, 1988:91). In 1987 was reeds 12 skole in Brittanje by hierdie program, wat in samewerking met die privaatsektor aangebied is, betrokke.

Calitz (1986:17) het dit reeds 'n dekade gelede onomwonde gestel dat die privaatsektor betrokke moet raak by die onderwys in die RSA. Volgens hom is die staat net nie meer in staat om in die groeiende behoefte aan onderwys in die land te voorsien nie. Rogers (1984:32) skryf dat vrywilligers uit die privaatsektor baie graag betrokke wíl raak by die onderwys.

Die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake (Wet 76 van 1984) het bepaal dat die voorsiening van onderwys onder andere gerig moet wees op die eise van ekonomiese ontwikkeling in die land en rekening moet hou met die mensekragbehoeftes van die RSA. Onderwys moet daartoe bydrae dat die mensekragpotensiaal van 'n land op produktiewe wyse aangewend kan

word. Wanneer dit nie die geval is nie, ondersteun onderwysinvestering nie die ekonomiese ontwikkeling nie (RGN, 1981a:20). In 'n nuusbrief van die Komitee van Universiteitshoofde (KUH, 1991:6) word gesê dat talle onlangse artikels en verslae gewag maak van die krisis in die onderwys. Die krisis gaan om die toepaslikheid van onderwys in terme van die eise van die privaatsektor en funksionele ongeletterdheid van skoolverlaters. Verder word gesê dat die opleiding van onderwysers ooreenkomstig die eise van die arbeidsmark 'n goeie beginpunt is, maar dat dit 'n langtermynoplossing is. Daar moet intussen gesoek word na 'n korttermynoplossing vir die probleem.

Bot (1991:16) beweer dat onderwys veronderstel is om voordele in te hou vir die gemeenskap, die ekonomie en die indiwidu, maar dat die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel op al drie terreine faal. Rautenbach, soos aangehaal deur De Jager (1989:434), beweer dat die huidige akademies-georiënteerde onderwysstelsel nie ontwerp is om te voorsien in die behoeftes van 'n land nie. Die traagheid om aan die besondere onderwysbehoeftes te voldoen, is waarskynlik geleë in die tradisioneel akademies-teoretiese karakter van die

skool in die RSA. Spier (1986:19) sê dat alhoewel ekonome van die Wêreldbank geen positiewe korrelasie vind tussen geldbesteding aan onderwys en ekonomiese groei in die derdewêreldlande nie, dit tog waar is dat lande met 'n hoë vlak van produktiwiteit en 'n hoë per kapita uitset, soos bv. die Republiek van China, uitstekende onderwysstelsels het.

Dit blyk uit die literatuur dat daar heelwat meningsverskille is oor die verband tussen ekonomiese groei en die onderwys. Al sou daar 'n swak skakel wees tussen onderwysbesteding en ekonomiese vordering, soos sommige skrywers beweer, bly onderwys 'n beleggingsarea (Spier,1986:19). Cantor (1989:95) is van mening dat die ekonomiese wonderwerk wat Duitsland so vinnig laat herstel het na die Tweede Wêreldoorlog, iets te doen **moet** hê met Duitsland se onderwysstelsel. In die RGN- verslag (1981a:20) oor onderwysvoorsiening in die RSA word dit ook gestel dat die invloed wat onderwysvoorsiening op die toekoms van 'n land het, bepaal word deur die harmonie tussen die onderwysstelsel en die behoeftes van die samelewing. Dit is wel so dat onderwys die basiese vaardighede vir die kind moet leer, maar dit is ook so dat te veel skoolverlaters

voortgesette onderwys by 'n tersiêre inrigting bloot sien as 'n alternatief vir werkloosheid (Spier, 1986: 20). 'n Voormalige Minister van Nasionale Opvoeding het reeds in 1983 gesê dat daar in die opvoedingsproses 'n balans gehandhaaf moet word enersyds tussen die daarstelling van beroepspesialiste wat deur beroepsgerigte opleiding gevorm is, en andersyds algemeen gevormde studente wat deur breë algemene onderwys opgelei is (Viljoen, 1983:5).

Becker (1989:6) stel dit onomwonde dat algemene, akademiese onderwys oorbeklemtoon word in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Dit blyk dat daar veral op sekondêre vlak, benewens akademiese opleiding, ook vir beroepsgerigte onderwys voorsiening gemaak moet word (Smit, 1991:156). Beroepsgerigte onderwys veronderstel onderwys in 'n bepaalde beroepsrigting. In die geval van die jonger kind word gekonsentreer op algemeen-vormende onderwys. Nadat die kind dan 'n beroepsrigting gekies het, val die klem in die senior sekondêre fase op onderwys in 'n redelik duidelik geïdentifiseerde beroepsrigting (Niebuhr, 1991:30).

Beroepsgerigte onderwys behoort van so 'n aard te wees dat dit by die opvoedeling realistiese verwagtinge aangaande die beroep skep. Wanneer die kind dan 'n beroep kies, is daar sprake van taakaanvaarding. Die kind moet deur middel van beroepsgerigte onderwys so goed voorberei word vir beroepe in 'n sekere beroepsrigting dat dit hom in staat stel om op verantwoordelike en wetenskaplik-gefundeerde wyse 'n sinvolle beroepskeuse te kan maak. Nadat 'n beroepskeuse gemaak is, volg beroepsonderwys.

Beroepsonderwys is onderwys wat ten doel het om aan die eise van 'n bepaalde beroep te voldoen. Beukes (1976:10) omskryf beroepsonderwys as onderwys wat op 'n bepaalde beroepskwalifikasie uitloop.

Beroepsonderwys het beroepsbekwaamheid as doel (Bergins, 1975:253). Beroepsonderwys hou verband met die indiwidu se ondervindinge waardeur hy gelei word tot sukses in sy beroep. Dit sluit formele en nieformele onderwys in (Bergins, 1975:252).

Beroepsonderwys trek ongelukkig groot getalle leerlinge uit die laer sosio-ekonomiese groepe, uit die

platteland, of jeug met laer moontlikhede en 'n laer selfbeeld (Lotto, 1988:267). 'n Verdere negatiewe faset van beroepsonderwys is dat die leerling 'n tegniese vaardigheid geleer het, maar op ander terreine faal as hy eers in 'n beroep staan. Werkgewers meen dat hierdie leerlinge nie beskik oor eienskappe soos besluitnemingsvaardighede, kommunikasievaardighede, selfdissipline, volwassenheid, verantwoordelikheidsin en taakverwante vaardighede nie (Buck & Barrick, 1987:29).

Uit die voorafgaande beredenering blyk dit dat die oplossing vir die krisis in die onderwys nie geleë is in beroepsonderwys nie, maar dat daar gekyk moet word na **beroepsgerigte onderwys** as 'n moontlike oplossing vir die probleem. Dit blyk daarom dat die probleem van hierdie navorsing wentel romdom die volgende vrae:

* Wat behels beroepsgerigte onderwys?

* Watter voorsiening word tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir beroepsgerigte onderwys gemaak?

* Wat is die opvattinge en verwagtinge van bedryfsleiers in die Gautengprovinsie oor die

paraatheid van standerd 10-skoolverlaters vir toetrede tot die arbeidsmark?

* Watter aanbevelings kan gemaak word ten opsigte van die voorsiening van beroepsgerigte onderwys in die RSA?

## 1.3 DOEL MET DIE NAVORSING

In hierdie navorsing word gepoog om:

* vas te stel wat beroepsgerigte onderwys behels;
* te bepaal watter voorsiening tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir beroepsgerigte onderwys gemaak word;
* vas te stel wat die opvattings van bedryfsleiers in die Gautengprovinsie is oor die paraatheid van standerd 10- skoolverlaters vir toetrede tot die arbeidsmark en wat hul verwagtinge in die verband is;
* aanbevelings te maak ten opsigte van die voorsiening van beroepsgerigte onderwys in die RSA.

## 1.4. NAVORSINGSMETODE

### 1.4.1 Literatuurstudie

Die aard van die ondersoek vereis 'n wye en indringende literatuurstudie oor die wesensaard van beroepsgerigte onderwys. Hierdie literatuurstudie vorm nie alleen die teoretiese raamwerk waarbinne die studie plaasvind nie, maar vorm ook die grondslag vir die evaluering van die onderhoude wat gevoer sal word. Deur middel van 'n literatuurstudie word ook vasgestel watter voorsiening tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir beroepsgerigte onderwys gemaak word.

Vir die doel van die literatuurstudie word gebruik gemaak word van die RGN se NAVO databasis van lopende en afgehandelde navorsing in verband met die onderwerp van hierdie navorsing. Ook word gebruik gemaak van die RGN se Knowledge Tec versameling van tydskrifartikels. Rekenaardrukstukke van die Suid-Afrikaanse tydskrifindeks word vanaf die biblioteek van Vista Universiteit se hoofkantoor verkry vir artikels oor die onderwerp.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

Verskeie sektore van die bedryf en die industrie word as werkverskaffers by die onderhoude betrek. Gestruktureerde onderhoude word met bedryfsleiers van enkele van die grootste werkverskaffers op die gebied van die nywerheidswese, telekommunikasie, vervoerwese, bankwese, versekering, klerebedryf, voedselbedryf, mynwese meubelbedryf en kettingwinkels in die Gautengprovinsie gevoer aan die hand van 'n voorafbeplande struktuur. Vrae word geformuleer na aanleiding van bevindings uit die literatuurstudie en veral na aanleiding van bewerings wat deur sommige skrywers in resente artikels in tydskrifte gemaak word. Tersaaklike inligting oor die vereistes en verwagtinge van die sakewêreld ten opsigte van standerd 10-skoolverlaters, word deur middel van hierdie gestruktureerde onderhoude verkry. Die inligting word verwerk en gevolgtrekkings word gemaak waarop aanbevelings gebaseer word.

## 1.5 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande gedeelte blyk dit dat onderwysvoorsiening 'n belangrike rol speel in die ekonomiese ontwikkeling van 'n land.

Daar moet gesoek word na 'n onderwysstelsel wat vir almal in die nuwe Suid-Afrika aanvaarbaar sal wees en wat sal voldoen aan die eise van die samelewing. Dit is reeds duidelik dat nie akademiese of beroepsonderwys die oplossing vir die vraagstuk is nie en dat daar na **beroepsgerigte** onderwys gekyk moet word as 'n moontlike oplossing. In hoofstuk 2 word gekyk na die wesensaard van beroepsgerigte onderwys.

# HOOFSTUK 2 : DIE WESENSAARD VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS

## 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is daar tot die gevolgtrekking gekom dat beroepsgerigte onderwys waarskynlik 'n oplossing kan bied vir sommige onderwysvraagstukke in die RSA. Dit blyk egter dat verskillende skrywers die terme beroepsonderwys, beroepsgerigte onderwys, loopbaanonderwys en loopbaangerigte onderwys gebruik om dieselfde tipe onderwys te bespreek. In die verband beweer Botha (1986:17) byvoorbeeld dat die begrippe loopbaangerigte onderwys en beroepsgerigte onderwys algemeen gebruik word sonder dat hul betekenis duidelik omskryf word (vgl. ook Buitendach, 1992:11).

Dit is dus nodig om ten eerste 'n begripsomskrywing van beroepsgerigte onderwys en verwante begrippe te gee ten einde duidelikheid by die lees van die navorsingsverslag te verseker.

Tweedens word in hierdie hoofstuk gekyk na die aard van beroepsgerigte onderwys en die betrokkenheid van die privaatsektor daarby. Vervolgens word verskeie

kenmerke van beroepsgerigte onderwys wat geïdentifi-fiseer is, bespreek.

## 2.2 BEGRIPSVERKLARING

### 2.2.1 Beroepsonderwys

Die Taylor Kommissie (soos aangehaal deur Ngubentombi, 1989:60) het bevind dat beroepsonderwys verwys na kursusse wat streng die doel nastreef om studente voor te berei vir 'n beroep in landbou, nywerheid, handel of gemeenskapsdiensverwante aktiwiteite.

Beroepsonderwys is opvoedkundige aktiwiteite wat gerig is op die ontwikkeling van 'n persoon se vermoë vir toetrede tot 'n bepaalde beroep (Rowntree, 1981:343). Volgens Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Schoonees, 1970:382) is beroepsonderwys die opleiding wat nodig is om persone te bekwaam vir die een of ander beroep. Volgens die Encyclopedia Britannica (1983:480) is die doel van beroepsonderwys om leer-linge vir industriële en handelsberoepe voor te berei. Dit kan binne die formele onderwysstelsel plaasvind in handelskole of tegniese skole, of in die vorm van indiensopleiding in die informele sektor. Die oor-

sprong van beroepsonderwys dateer so ver terug as 2000 v.C. toe vakleerlingprogramme deur die Egiptenare georganiseer is (Wolmarans, 1988:20). Bisschoff (1986: 157) meen beroepsonderwys was reeds toegepas in die tyd van die middeleeue toe leerlinge in 'n spesifieke vaardigheid onderrig is. Reeds in 1905 is Duitsland se tegniese en handelskole al deur die res van die wêreld geadmireer (Lucas, 1984:158).

In Suid-Afrika het beroepsonderwys deur die jare verskeie vorms aangeneem. Daar was klasse by gewone skole en later outonome industriële skole. Gedurende die jare 1894 tot 1920 het die N.G.Kerk in die Kaapprovinsie gepoog om die armblanke probleem deur middel van beroepsonderwys op te los. In Transvaal het beroepsonderwys tot stand gekom as gevolg van die behoefte aan tegnici wat ontstaan het weens ontwikkeling van die mynbedryf, ontwikkeling van spoorweë en industriële ontwikkeling. In 1924 het die staat verantwoordelikheid vir tegniese en beroepsonderwys aanvaar. In 1968 is beheer van hierdie skole aan die onderskeie provinsies oorhandig (Nated, 1988a:78). Beroepsonderwys kan volgens Chisholm (1983:359) hedendaags in die formele onderwys óf in 'n werksitua-

sie aangebied word. Sy noem as voorbeeld die PACE College in Soweto wat 'n handelskool is. Ander voorbeelde in die formele onderwyssektor waar beroepsonderwys aangebied word, is by tegniese kolleges regoor die land. Die departement van onderwys en opleiding bied beroepsonderwys aan volwassenes aan in die vorm van handels, tegniese en verrykingskursusse by tegniese kolleges (NEPI, 1992a: 23). Die Opleidingskollege Esselenpark is 'n voorbeeld van beroepsonderwys in 'n werksituasie. Hier word werknemers van Transnet opgelei.

Bergins (1975:252) beskou beroepsonderwys as die leiding aan 'n indiwidu om 'n sukses van sy beroep te maak. Die klem val dus op beroepsbekwaamheid. Bergins haal verder die De Villierskommissie van 1948 aan wat beweer dat beroepsonderwys gekenmerk word deur die klem op beroepsbekwaamheid. Die indiwidu moet ontwikkel word ten einde oor die kennis en vaardighede te beskik wat vereis word deur 'n beroep. Aucamp (1987:36) beskou beroepsonderwys as voorbereiding vir sinvolle beroepsbeoefening.

Volgens die KODH (1991b:53)is beroepsonderwys onderwys waarin die ontwikkeling van beroepsbekwaamheid en ekonomiese selfstandigheid by die leerder beklemtoon word. Voorts word klem geplaas op aspekte soos die verwerwing van gesindhede en die aanleer van tegnieke en prosedures wat vir bepaalde beroepe vereis word. Die KODH beweer voorts dat die doel van beroepsonderwys is om die leerder toe te rus met die nodige tegnieke, reëls, prosedures en handelinge wat 'n bepaalde professie sou vereis. Die proses sluit in oriëntering, onderrig en voorbereiding van leerders ooreenkomstig die behoeftes van die betrokke beroep (KODH. 1991b:18).

Volgens Lotto (1988:265) is beroepsonderwys onderwys wat leerlinge toerus met die vaardighede wat nodig is vir beroepe in die landbou, handel en nywerheid. Hierdie beroepe word hoofsaaklik beoefen deur mense in die middel tot lae sosio-ekonomiese statusgroepe. Beroepsonderwys word volgens hom veral aangewend om verstandelike of fisiese gestremdes vir 'n bepaalde beroep voor te berei.

Beroepsonderwys is baie spesifieke onderwys wat die

leerling voorberei vir werk in 'n spesifieke beroep, terwyl beroepsgerigte onderwys die leerling voorberei nie vir 'n enkele beroep nie, maar vir 'n groep verwante beroepe (Nated, 1988a: 131).

Beroepsonderwys sou dus gesien kon word as onderwys wat die leerling voorberei vir 'n spesifieke beroep. Dit kan aan 'n sekondêre skool, tersiêre inrigting of in 'n werksituasie plaasvind. Nie-formele onderwys word dus hierby ingesluit. Beroepsonderwys word in die formele sektor aangebied by spesiale skole waar leerlinge byvoorbeeld voorberei word as haarkapsters of paneelkloppers. Beroepsonderwys word tans ook deur tegniese kolleges in samewerking met die handel en nywerheid en die Departement van Mannekrag aangebied. Voorbeelde in die nie-formele sektor van inrigtings waar beroepsonderwys aangebied word, is die Suid-Afrikaanse Polisiekollege, verplegingskolleges, die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag en korrektiewe dienste.

Beroepsonderwys het beroepsvoorbereiding as primêre doel terwyl daar min aandag gegee word aan die algemene vorming van die opvoedeling. Selfs by die verwer-

wing van gesindhede word klem gelê op dit wat vir bepaalde beroepe vereis word. Hier word gefokus op duidelik geïdentifiseerde behoeftes van die werkgewers. Leerdoelwitte word bepaal na aanleiding van dit wat vir die betrokke praktyk belangrik is. Leerdoelwitte is voorts bepalend by sillabusinhoude volgens vereistes gestel deur die betrokke beroep. Sillabusse word gereeld aangepas om by die snel-veranderende eise van die betrokke beroep aan te pas. Die primêre doelstelling is dus ekonomies gefundeerd en nie pedagogies nie.

### 2.2.2 Beroepsgerigte onderwys

Botha (1986:26) beweer dat die begrip beroepsonderwys gebruik word om te verwys na onderwys vir 'n bepaalde beroep, terwyl die begrip beroepsgerigte onderwys gebruik word vir onderwys in 'n beroepsrigting. In die huidige onderwysstelsel word leerlinge in die gewone akademiese hoërskool nie vir 'n bepaalde beroep voorberei nie, maar in 'n bepaalde beroepsrigting. Leerlinge kan kies of hulle 'n natuurwetenskaplike, geesteswetenskaplike, ekonomiese of algemene rigting wil volg. By skole soos die hoërskool Wagpos naby

Brits, word voorsiening gemaak vir drie beroepsgerigte rigtings, naamlik natuurwetenskaplike, landbou en tegniese rigtings (Hoërskool Wagpos, 1994:1).

Beroepsgerigte onderwys is volgens Niebuhr (1985:30) onderwys in 'n bepaalde beroepsrigting en in 'n redelik duidelik geïdentifiseerde beroepsveld. Volgens die KODH (1991b:52) is beroepsgerigte onderwys onderwys waarin ontsluiting van kennis, inskerping van waardes en gesindhede asook die aanleer van vaardighede gerig is op direkte gebruikswaarde in een of meer breë beroepsrigtings.

Engelbrecht (1992:269) is van mening dat beroepsgerigte onderwys onderwys is wat die leerder voorberei vir toetrede tot die beroepswêreld, maar ook goeie werkgewoontes en arbeidstrots by die leerder vestig. Hy meen verder dat groter klem gelê moet word op beroepsgerigte onderwys as op die huidige meer akademiesvormende onderwys.

Volgens Beukes (soos aangehaal deur Engelbrecht, 1993: 48) dui beroepsgerigte onderwys op 'n algemene basiese opleiding wat in meer as een beroep gebruik

kan word. Beroepsgerigte onderwys bind die leerling nie tot 'n bepaalde beroep nie, maar laat hom nog 'n wye keuse van beroepe toe. Beroepsonderwys, daarenteen, sou daarop neerkom dat die leerling reeds aan die einde van standerd sewe 'n bepaalde beroep moet kies.

Aucamp (1987:38) omskryf beroepsgerigte onderwys as onderwys wat gerig is op sowel die algemene as beroepsgeoriënteerde vorming van die kind. Beroepsgerigte onderwys kan op 'n bepaalde beroepsveld, byvoorbeeld die ingenieursveld, afgespits wees, maar is nie op 'n bepaalde beroep afgespits nie.

Volgens die KODH (CHED, 1991:18) is die doel van beroepsgerigte onderwys om 'n leerling te lewer wat by skoolverlating beroepsgereed is. So 'n leerling beskik oor vasgelegde waardes en gesindhede asook die nodige kennis en vaardighede met gebruikswaarde in 'n breë beroepsrigting.

Volgens Niebuhr (1991:33) word die doel met beroepsgerigte onderwys vervat in die beginsels soos in Wet 76 van 1984 uiteengesit. Beroepsgerigte onderwys is

dus onderwys wat algemeen vormend is van aard is en die kind vir 'n breë beroepsrigting voorberei, byvoorbeeld 'n handels-, natuurwetenskaplike of tegniese rigting, eerder as vir 'n bepaalde beroep. Die kind wie 'n natuurwetenskaplike rigting volg, is nie beperk tot een spesifieke beroep nie, maar kan nog steeds kies uit 'n wye verskeidenheid van beroepe, maar dan in 'n natuurwetenskaplike rigting.

### 2.2.3 Loopbaanonderwys en looopbaangerigte onderwys

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 1988:661) beskryf 'n loopbaan as dit wat 'n persoon gedurende sy lewe verrig en bereik het - sy lewensweg.

'n Loopbaan is die werk wat 'n mens sy hele lewe lank verrig met die doel om sy behoeftes te bevredig. Om te werk is deel van elke mens se skeppingsopdrag. 'n Mens se loopbaan sluit in alle werk wat hy in sy lewensduur sou verrig (Potgieter, 1994:11).

Volgens Lucas (1984:221) was Marland, die Kommissaris van Onderwys onder die Nixon-administrasie, van mening

dat loopbaanonderwys uit drie elemente bestaan. Die eerste element is akademiese onderwys. Die tweede element is die aanleer van vaardighede soos rekenaar-programmering, kreatiewe denke, bestuursvaardighede, laboratoriumtegnieke en vervaardigingsvaardighede. Die derde element is gerig op die beroep self. Dit moet die leerlinge 'n voorsmakie bied van wat werklik in 'n spesifieke beroep gebeur. Dit kan in 'n industrie of besigheid, of by die skool self aangebied word. Volgens Marland (soos aangehaal deur Lucas, 1984:262) is die begrip loopbaan nie 'n sinoniem vir beroep nie, maar dui dit eerder op die lewenswyse wat die persoon se beroep sou insluit.

Loopbaanonderwys is die totaliteit van dit wat die leerling leer en ervaar as voorbereiding vir werk en het drie oorkoepelende doelstellings, naamlik voorbereiding tot 'n sinvolle loopbaankeuse, opvoeding tot loopbaanverrigting en opleibaarheid (Pansegrouw, 1992:21).

Die begrip loopbaanonderwys gaan om die totale lewe van die mens en sluit die ontwikkeling van algemene vaardighede en gesindhede in (Botha, 1986:18). Met

totale mens word hier verwys na die mens as kulturele wese, as arbeidswese, as religieuse wese, as beoefenaar van sport en as verantwoordelike lid van die samelewing. Volgens Botha (1986:54) is loopbaanonderwys nie 'n sinoniem vir beroepsonderwys nie, maar sluit beroepsonderwys in. Ook Aucamp (1987:38) meen dat loopbaanonderwys alle vorme van onderwys insluit wat 'n persoon deur sy lewe sou ontvang.

Dit is duidelik dat loopbaanonderwys nie net formele beroepsonderwys omvat nie. Dit sluit ook lewenservaring in wat bydrae tot die verwerwing van kennis deur die leerling, asook nie-formele onderrig wat die leerling sou ontvang deur byvoorbeeld afrigting vir 'n bepaalde sport- of kulturele aktiwiteit.

Dit wat Bergins beskryf as beroepsgerigte onderwys, word deur Niebuhr (1985:30) omskryf as loopbaangerigte onderwys. Hy meen loopbaangerigte onderwys is gerig op die ontwikkeling van die mens in totaliteit. Dit is dus dieselfde omskrywing as wat Aucamp vir loopbaanonderwys gee (vgl. par. 2.2.3). Weer eens is dit 'n voorbeeld in die literatuurstudie van die verwarrende gebruik van die betrokke begrippe. Dit blyk

dat loopbaangerigte onderwys of loopbaanonderwys gesien moet word as onderwys wat alles insluit wat 'n indiwidu binne die formele onderwys ontvang, asook dit wat in eie tyd en uit vrye keuse buite die formele onderwysstelsel ondergaan word. Dit sou ook onderwys en opleiding vir 'n beroep, asook aspekte soos die ontwikkeling van positiewe werksgesindheid, verantwoordelikheidsin, bestuursvermoë, en 'n goeie gesindheid teenoor sy loopbaan insluit.

Dit wil dus voorkom asof beroepsgerigte onderwys nader aan loopbaanonderwys is en nie met beroepsonderwys verwar moet word nie.

### 2.2.4 Sintese

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat daar nie eenstemmigheid by navorsers is oor die betekenis van die begrippe beroepsonderwys, beroepsgerigte onderwys, loopbaanonderwys en loopbaangerigte onderwys nie. Navorsers na wie in die literatuur verwys word, bespreek verskillende van die genoemde tipes onderwys onder verskillende terme. Daar word afgelei dat die terme loopbaanonderwys en loopbaangerigte onderwys

sinonieme is wat gebruik word deur genoemde navorsers om dieselfde tipe onderwys te bespreek.

Uit die literatuurstudie kon geen duidelike onderskeid gevind word in die gebruik of die betekenis van die begrippe beroepsonderwys, beroepsgerigte onderwys, loopbaanonderwys of loopbaangerigte onderwys nie. Daar word egter tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

* Beroepsonderwys is onderwys wat die leerling vir 'n bepaalde beroep voorberei. Dit geskied in die formele en nie-formele onderwyssektor. Daar kan tereg gepraat word van beroepsonderwys binne die formele onderwyssektor, maar van beroepsonderrig binne die nie-formele onderwyssektor.

  Beroepsonderwys sluit ook beroepsopleiding in. Beroepsonderwys dek opleiding in 'n groot aantal beroepe soos byvoorbeeld sekretaresses, verpleegsters, onderwysers, amptenare van korrektiewe dienste en bosbouers.

* Die begrippe loopbaanonderwys en loopbaangerigte onderwys word gebruik om te verwys na alle onder-

wys en onderrig wat binne die formele en nie-formele onderwys ondergaan word, nie net tydens die verpligte skooljare nie, maar ook as volwassene. Sportafrigting en kulturele ontwikkeling word hierby ingesluit. Loopbaanonderwys of loopbaangerigte onderwys sou byvoorbeeld iemand voorberei vir 'n loopbaan in die bankwese of versekeringswese.

* Beroepsgerigte onderwys berei iemand voor in 'n bepaalde beroepsrigting, byvoorbeeld 'n landbou- of kunsrigting. Al sou die leerling 'n landbourigting gevolg het, is daar nog steeds 'n groot verskeidenheid beroepe in 'n landbourigting waaruit gekies kan word.

Vir die doel van hierdie studie word daar gefokus op beroepsgerigte onderwys en word vervolgens enkele kenmerke van beroepsgerigte onderwys wat geïdentifiseer is, bespreek.

## 2.3 DIE KENMERKE VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS

Hoewel beroepsgerigte onderwys oor sekere unieke kenmerke beskik, toon dit tog ook ooreenkomste met algemene akademiese onderwys. Die volgende is enkele van die belangrikste kenmerke van beroepsgerigte onderwys:

### 2.3.1 Beroepsgerigte onderwys is relevante onderwys

Eicher (1986:286) beweer dat die hele Afrika-kontinent ernstig beïnvloed word deur 'n ekonomiese krisis. Ekonomiese ontwikkeling word aan bande gelê deur die wanbalans wat bestaan tussen akademies- en bevoegdheidsgebaseerde onderwys - 'n probleem van onderwysrelevantheid wat vir alle bevolkingsgroepe geld (Du Toit Visser, 1990:5).

Die beginsel dat die onderwysstelsel meer relevant moet wees tot die arbeidsmark om te kan bydra tot ekonomiese ontwikkeling, word algemeen aanvaar in Suid-Afrika. Dit word nou van die onderwysstelsel verwag om resultate te lewer ooreenkomstig die behoeftes van die arbeidsmark. Volgens Liebetrau

(1982:112) veroorsaak 'n ooraanbod van mensekrag in sekere beroepe nie net 'n toename in werkloosheid nie, maar plaas dit ook 'n demper op die land se ekonomiese groeikoers. Knoll (1990:9) steun die standpunt van Liebetrau met sy uitspraak dat die onderwys nie genoeg mense lewer wat beskik oor die vaardighede wat nodig is vir ekonomiese groei nie.

Steyn (1993:169) sluit hierby aan as hy beweer dat daar die afgelope jare al meer stemme opgaan teen akademiese onderwys en die term beroepsgerigte onderwys gebruik word as daar gepraat word van relevante onderwys.

Engelbrecht (1992:268-269) verklaar dat die bruikbaarheid en funksionaliteit van die onderwys afhang van die relevansie daarvan. Een van die funksies van relevante onderwys is om die leerlinge gereed te maak vir toetrede tot die arbeidsmark. Relevante onderwys beteken volgens hom, groter klem op beroepsgerigte onderwys. Volgens Engelbrecht (1988:158) het die RGN-ondersoek na onderwys reeds in 1981 gewys op die noodsaaklikheid daarvan om onderwys op alle vlakke meer relevant te maak tot die behoeftes van die arbeids-

mark.

Volgens die Nasionale Opleidingsraad (1994:120) lê die aanvaarbaarheid van onderwys in die voorsiening van relevante, kredietwaardige eindresultate of uitsette. Volgens Badenhorst (1989:413) is werkgewers van mening dat die kurrikulum oorlaai is met vakinhoude wat nie daartoe bydra om leerlinge gereed te maak vir toetrede tot die arbeidsmark nie.

In die besprekingsdokument oor 'n kurrikulummodel vir onderwys (KODH, 1991b:vii) word gesê dat gepoog word om die onderwys meer relevant te maak deur 'n verskuiwing te weeg te bring van universiteitsgerigte onderwys na beroepsgerigte onderwys. Daar word gepoog om te voorkom dat leerders vakke neem ter wille van universiteitstoelating. Leerlinge moet eerder aange-aangemoedig word om beroepsgerigte vakke te neem. Aangesien die opvoedingstaak van die ouer gedeeltelik deur die skool oorgeneem is, is dit die taak van die onderwys om die kind voor te berei vir toetrede tot die arbeidsmark (Nated, 1988b:9).

Lively (1994:18) maan egter dat wanneer leerlinge

voorberei word vir toetrede tot die arbeidsmark, die wat na 'n tersiêre inrigting gaan, nie uit die oog verloor moet word nie. Studente wat aan universiteite die beroepsgerigte kursusse gevolg het, ondervind nie probleme om werk te kry nie. Dit is meesal die studente met nie-beroepsgerigte onderwys met 'n algemene BA-graad wat nie in die arbeidsmark kan meeding nie (Geggus, 1986:3).

Volgens die NEPI- verslag (HRD, 1992b:13) is beroepsgerigte onderwys juis 'n poging om leerlinge voor te berei vir die wêreld van werk. Om ekonomiese en arbeidsredes is dit dus noodsaaklik dat onderwys beroepsgerig moet wees (Van Schalkwyk, 1985b:80).

### 2.3.2 Beroepsgerigte onderwys is gerig op toekomstige werksgeleenthede

Eicher (1986:289) verbind die probleem van werkloosheid met 'n veroordeling van die onderwystelsel wat nie die vaardighede kan produseer wat nodig is in die ekonomie nie en wat bloot waardelose sertifikate toeken. Daar is dus 'n markdiskrepansie tussen die werkaanbod en vraag na werkers. Eicher meen verder

dat die werkloosheid van skoolverlaters nie die gevolg is van swak onderwysbeplanning nie, maar dat jong mense soek na skolastiese kwalifikasies en nie bekommerd is oor die inhoud en toepaslikheid van hul onderrig nie. Die skuld vir werkloosheid kan dus nie voor die deur van die onderwysstelsel alleenlik gelê word nie. Soms is die werklose self vir sy werkloosheid verantwoordelik. Tog is daar 'n geneigdheid in die gemeenskap om al die skuld voor die deur van die onderwysstelsel te lê. Dit is daarom noodsaaklik vir die onderwysstelsel om 'n positiewe en aanvaarbare beeld na die gemeenskap en veral die werkgewers uit te dra.

Garbers (1991:37) sluit by Eicher aan as hy beweer dat leerlinge vir hulself 'n vakpakket saamstel sonder inagneming van toekomstige werksgeleenthede of die mensekragbehoeftes van die land. Dit het duidelik geword dat die onderwys huidiglik nie as relevant beskou word in terme van die mensekragbehoeftes van die land nie (KODH, 1991a:3).

Volgens Botha (1986:45) berei akademiese onderwys nie die leerling voor vir dit wat in werksverband van hom

verwag word wanneer hy by skoolverlating toetree tot die arbeidsmark nie. Beroepsgerigte onderwys word daarom aanbeveel as die oplossing omdat beroepsgerigte onderwys die leerling voorberei vir aanpassing by werknemersbehoeftes.

Die NEPI-verslag (NEPI, 1992c:62) praat van die wan-aanpassing tussen die uitsette van die onderwys en die arbeidsmarkbehoeftes met 'n gevolglike werkloosheid selfs van gegradueerdes. Daar word selfs aanbeveel dat subsidies vanaf die Wêreldbank gekanaliseer word na studente wie se studies arbeidsmarkgerig is.

Bethlehem (1988:215) sluit hierby aan met sy bewering dat daar ongeag die hoë werkloosheidsyfer in Suid-Afrika, nog steeds 'n toenemende tekort aan geskoolde mannekrag, en meer spesifiek aan ingenieurs, tegnici en rekenmeesters in die land is. Na sy mening sal ekonomiese groei nadelig geraak word as hierdie tekorte voortduur. As daar nie ekonomiese groei in die land is nie, is daar nie kapitaal om in die groeiende behoefte aan onderwys te voorsien nie.

### 2.3.3 Beroepsgerigte onderwys berei leerlinge voor vir 'n bepaalde beroepsrigting, nie vir 'n bepaalde beroep nie

Leerlinge wie beroepsgerigte onderwys ontvang het, het nog steeds 'n keuse om 'n wye verskeidenheid beroepe in die gekose beroepsrigting te volg. Universiteite kan slegs in beroepsrigtings waar beroepsgerigte onderwys aangebied word, daarin slaag om die student ook professioneel vir toetrede tot die bepaalde beroepsrigting voor te berei (Geggus, 1986:1). In die inligtingstuk van die Hoërskool Wagpos aan ouers (Hoërskool Wagpos, 1994:1) word dit gestel dat leerlinge met 'n vakkeuse uit enige beroepsrigting wat by die skool aangebied word, nog steeds in enige rigting aan 'n universiteit, onderwyskollege, technikon en landboukollege verder kan gaan studeer.

Dit word as belangrik beskou dat leerlinge vanaf 'n beroepsgerigte rigting na algemeen gerigte onderwys kan terugkeer indien so verkies word. Daarom word daar gepoog om deurstromingsmoontlikhede in die nuwe onderwysstelsel in te bou (KODH, 1991a:vii).

### 2.3.4 Beroepsgerigte onderwys kan die uitdagings van die tegnologiese era die hoof bied

Die NEPI-verslag oor tersiêre onderwys (1992c:4) wys op die tekort aan tegnoloë en tegnici in die RSA. In sy openingsrede by 1992 se loopbaanuitstalling van Vaaldriehoekse Technikon, het Adv. Johann Treurnicht gesê Suid-Afrika het 'n tegnologiese arbeidsmag nodig om die uitdagings van die tegnologiese era met vertroue die hoof te kan bied. Hiervoor is nie slegs onderwys nodig nie, maar spesifiek beroepsgerigte onderwys (Nel, 1992:4).

Akademiese onderwys hou nie tred met die invloed van die snelle ontwikkeling op tegnologiese gebied op die handel, die natuurwetenskaplike en die tegniese rigting nie. Hierdie ontwikkeling het ook daartoe bygedra dat daar vandag 'n groter verskeidenheid van beroepe is vir die skoolverlater om van te kies.

Marland (soos aangehaal deur Lucas, 1984:221) meen daar is 'n balans nodig tussen akademiese en beroepsonderwys en daarom is beroepsgerigte onderwys nodig.

Nuwe tegnologie en veral die rekenaar bring mee dat take op 'n ander manier verrig word as wat in die verlede die geval was. Beroepsgerigte heropleiding moet daarom voortdurend plaasvind.

### 2.3.5 Beroepsgerigte onderwys het as hoofdoel die voorsiening in die mensekragbehoeftes van die land

Liebetrau (1982:17) is van mening dat die doel van beroepsgerigte onderwys moet wees om 'n kompromie te bewerkstellig tussen die mensekragbehoeftes enersyds en die groot aantal beskikbare werklose skoolverlaters andersyds.

Daar bestaan 'n onlosmaaklike samehang tussen onderwys-voorsiening en die voorsiening in die mensekragbehoeftes van die land (Liebetrau, 1982:104). Pogings word aangewend om die stelsel te verander om uitsette te lewer wat aanpas by hierdie behoeftes. Dit is onmoontlik om werksgeleenthede te skep ooreenkomstig die kwalifikasies en vaardighede van die werkloses. Die onderwys moet mense lewer wat aanpas by die werksgeleenthede. Nie-formele onderwys is reeds hiermee besig, maar ook formele onderwys sal meer

beroepsgerig moet wees om in die mensekragbehoeftes van die land te kan voorsien.

Formele onderwys sal meer beroepsgerig moet wees as Suid-Afrika die arbeid wat elke jaar die mark bereik, ten volle wil benut (Anon., 1984:3). Knoll (1990:2) is van mening dat beroepsgerigte onderwys by technikons ontwikkel moet word omdat dit die taak van technikons is om die kwaliteit en beskikbaarheid van beroepsgerigte onderwys uit te brei ten einde 'n arbeidsmag aan die RSA te lewer wat oor toepaslike en geskikte onderwyskwalifikasies beskik.

Vooruitgang en groei van handelsondernemings hang in 'n hoë mate af van die kwaliteit van sy mensekrag en die optimale aanwending van mensekragpotensiaal. Vooruitgang en groei lei tot meer werksgeleenthede en 'n afname in werkloosheid (Van Kradenburg, 1990:79).

Dr. Reinhardt Arndt, President van die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO), sê die onderwys is een van die belangrikste bydraers tot werkverskaffing (Arndt, 1992:15). Ongelukkig bestaan daar nie altyd 'n korrelasie tussen die mensekragbehoeftes aan die

een kant en kwalifikasies aan die ander kant nie. Volgens Eksteen (1990:7) bestaan daar 'n wanbalans in Suid-Afrika tussen die onderwysstelsel en die arbeidsmark. Verwagte veranderinge in die beroepstrukture van die Suid-Afrikaanse arbeidsmark oor die volgende tien jaar dui op 'n aansienlike groei in die vraag na tegnies geskoolde mense (Beukes, 1988:17).

Volgens die NEPI-verslag (NEPI, 1992b:2) is dit noodsaaklik dat beroepsgerigte onderwys gebaseer word op 'n ondersoek na die algemene ekonomiese funksionering en in die besonder na veranderinge in produksie, werkverskaffing en werkspatrone.

Opvoedkundiges moet aanvaar dat die hoofdoel van onderwys moet wees om in die mensekragbehoeftes van die land te voorsien (Berkhout 1989b:13). Die hoofdoel van beroepsgerigte onderwys is om in die mensekragbehoeftes van die land te voorsien en daarom sal beroepsgerigte onderwys noodwendig lei tot 'n afname in werkloosheid.

Kraak (1991:409) meen dat beroepsgerigte onderwys kan dien as 'n administratiewe meganisme om nuwe kriteria

te skep vir die plasing van jong opgeleides in minderwordende werksgeleenthede. Werkloosheid word dus 'n probleem van vaardigheid vir die indiwidu en nie meer 'n strukturele kenmerk van die gemeenskap nie.

### 2.3.6 Beroepsgerigte onderwys vereis dat veranderinge in die onderwysstelsel vinniger moet plaasvind

Hoewel daar reeds vir etlike jare al geskryf en gepraat word oor die diskrepans tussen onderwys en die industrie, gaan onderwys steeds op dieselfde trant voort. Dit blyk dat opvoedkundiges al baie oor hierdie diskrepans geskryf en aanbevelings gemaak het, maar dat aanbevelings nie deur die onderskeie onderwyshoofde in die land deurgevoer word nie.

Van den Berg (1985a:1) haal aan dat die Hoofkomitee van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing se Ondersoek na die Onderwys, "Onderwysvoorsiening in die RSA" reeds in 1981 bevind het dat onderwys in die RSA te akademies-georiënteerd is. Die RGN het toe gemaan dat, indien daar sou voortgegaan word met die tipe onderwys, werkloosheid sou toeneem. Nou, na etlike

jare, is die onderwys nog steeds akademies-georiënteerd georiënteerd en werkloosheid het inderdaad toegeneem.

Van Schalkwyk (1985a:744) praat van die wanbalans tussen die lewenswerklikheid en die onderwys. Hy skryf die wanbalans toe aan die veranderinge in die onderwysstelsel wat stadiger plaasvind as die veranderinge in die samelewing. Daarby moet rekening gehou word met internasionale druk en bevolkingstoename wat verdere druk op die onderwysstelsel plaas. Hy waarsku dat daar ook rekening gehou moet word met die snelle veranderinge op die gebied van kennis. Dit wat vir 'n bepaalde beroep essensieel was, is na 'n paar jaar irrelevant. Die handel en nywerheid is vandag meer kompleks en gespesialiseerd en produktiwiteit is van uiterste belang. Die werkgewer verwag dat die werknemer van meet af produktief moet wees.

Volgens Van der Westhuizen (1990:669) staan die skool as organisasie in wisselwerking met die ondernemings en moet die skool dus aanpas by veranderinge wat in die ondernemings plaasvind. Vanweë die wisselwerkende verhouding tussen beroepsgerigte onderwys en die

ondernemings vereis beroepsgerigte onderwys dus dat veranderinge in die ondernemings terselfdertyd in die onderwys sal realiseer.

De Wet (1993:10) sluit hierby aan met sy waarskuwing dat kennis gou verander en verouder. Sertifikate, diplomas en grade wat met moeite verwerf is, word gou min werd.

### 2.3.7 Op tersiêre vlak gaan beroepsgerigte onderwys hand aan hand met koöperatiewe onderwys

Du Plessis (1992:76) sê dat die ou onderwyspatroon waar die privaatsektor bloot moes toekyk na wat in die onderwys gebeur, nie meer aanvaarbaar is nie. Die privaatsektor moet saam met die staat nou deelnemers wees in die onderwysproses.

Engelbrecht (1993:31) beweer dat koöperatiewe onderwys 'n beroepsgerigte karakter het. Technikons wat beroepsgerigte onderwys beklemtoon, poog om die privaatsektor deur middel van koöperatiewe onderwys te betrek. Betrokkenheid van die privaatsektor is nie net nuttig nie, maar noodsaaklik ten einde die eind-

produk in terme van 'n beroepsvaardigheidsprofiel saam te stel. Hy meen verder dat technikons, met die klem op beroepsgerigte onderwys, poog om in die toekomstige arbeidsbehoeftes te voorsien deur middel van koöperatiewe onderwys. Die beroepsgerigte karakter van koöperatiewe onderwys in hierdie tegnologiese era noodsaak noue samewerking met die sakesektor. Dit geld veral in die lig daarvan dat dit van technikons verwag word om leiding te neem ten opsigte van beroepsgerigte onderwys en juis na hierdie inrigtings gekyk word vir die vervulling van die behoefte aan 'n kundige tegnologiese arbeidsmag (Beukes, 1988:18).

By koöperatiewe onderwys is daar sprake van drie vennote, naamlik die onderwysinstansie, die werkgewer en die student. Al drie kan voordeel uit die vennootskap trek (Du Plessis, 1993:57). Die student kry dus die geleentheid om die beroepsgerigte, teoretiese kennis wat hy in die onderwysinrigting verwerf het, in die praktyk toe te pas. Terselfdertyd doen hy praktiese ervaring van die beroep binne die werksituasie op. Die werkgewer kan op sy beurt 'n evaluering maak van die student as produk van die onderwysinrigting.

Terugvoering van verskeie werkgewers aan die onderwysinrigting kan gebruik word deur die betrokke onderwysinrigting om selfevaluering te doen. Voorts kry die werkgewer die geleentheid om kennis te maak met potensiële werknemers.

Hoewel daar tans net by technikons sprake is van koöperatiewe onderwys, kan dit ook op sekondêre vlak aangewend word. Al word leerlinge dan net in waarnemende hoedanigheid by werkgewers uitgeplaas. Dit sal inderdaad daartoe lei dat onderwyskurrikulums meer beroepsgerig moet wees sodat die teoretiese kennis van die leerling kan aansluit by dit wat in die werksituasie ervaar word.

Volgens Van Wyk (1987:47) bestaan daar huidiglik 'n gebrek aan samewerking tussen die privaatsektor en die onderwys. Hy meen dit is toe te skryf aan 'n gebrek aan kommunikasie tussen die Departement van Mannekrag, die nywerhede en die Nasionale Onderwysdepartement. Sy voorstel is dat 'n inligtingskomitee aangestel word wat kan dien as kommunikasiekanaal. Hierdie komitee moet bestaan uit verteenwoordigers van die Departement van Onderwys, Departement van Mannekrag en die nywer-

hede. Sodoende kan hierdie instansies betrek word by die kurrikuleringsproses.

### 2.3.8 Die inhoud van beroepsgerigte onderwys word vanuit die werklikheid geselekteer

Aucamp (1987:37) is van mening dat akademiese onderwys deur die jare oorbeklemtoon was, terwyl loopbaanonderwys as minderwaardig beskou was. Daar bestaan volgens hom 'n wanbalans in die onderwys wat reggestel moet word. Omdat beroepsgerigte onderwys volgens hom deel is van loopbaanonderwys, dui dit op 'n regstelling ook ten opsigte van beroepsgerigte onderwys.

Hierdie regstelling moet in die kurrikulum gemaak word, want sowel algemene vorming as beroepsgerigte onderwys word deur die kurrikulum bepaal. Tog moet in gedagte gehou word dat die onderwys as opvoedingsgebeure nie losgemaak kan word van die vorming van die kind nie. Selfs beroepsgerigte onderwys moet nog steeds die vorming van die kind ten doel hê, al het die ou konsep van 'n algemene opvoeding vervaag tot iets van bloot historiese belang (Anon., 1989:12). Beroepsgerigte onderwys behoort gerig te wees op

die ontsluiting van die totale werklikheid vir die kind.

In beroepsgerigte onderwys word die totale werklikheid vir die kind ontsluit en daarna word vanuit die werklikheid geselekteer en daarin gespesialiseer. Omdat onderwys 'n onderdeel is van die totale werklikheid wat deur God in stand gehou word, moet by enige verandering of vernuwing in die onderwys, die basiese onderwysbeginsels nog steeds in gedagte gehou word.

Van der Westhuizen (1990:119) waarsku daarteen dat die mens nie net gesien moet word as deel van 'n produksiemasjien nie. Daar moet 'n ewewig gehandhaaf word tussen die mens en sy werk. Die mens mag nie slaaf word van sy werk nie, maar moet ook in sy werk in diens staan van God en die medemens.

Dit blyk dus dat beroepsgerigte onderwys die kind opvoed om bewus te wees van die totale werklikheid. Al sou hy streef na sinvolle beroepsbeoefening, moet dit gesien word as slegs 'n deel van die totale werklikheid waarvan geselekteer en waarin gespesialiseer word.

### 2.3.9 Beroepsgerigte onderwys vereis voortdurende herkurrikulering

Niebuhr (1985:33-39) stel voor dat werkgewers by die kurrikuleringsproses vir beroepsgerigte onderwys betrek moet word. Hy beveel aan dat leerinhoud meer in die vorm van modules aangebied moet word omdat modules makliker gewysig kan word om by veranderinge aan te pas. In die besprekingsdokument van die Nasionale Opleidingsraad (National Training Board, 1994:94) word aanbeveel dat leerinhoude in twee fundamentele elemente of boustene verdeel word, naamlik modules en eenhede. Die ontwikkeling van modules kan plaasvind deur middel van kurrikulumontwikkelingsagentskappe op plaaslike en streeksvlak, tesame met werkgewers en private instansies.

Volgens Van Rensburg (1993:8) is die akademiese vereistes vir beroepe besig om te verhoog en selfs technikons en tegniese kolleges sal by hierdie verandering moet aanpas. Hy waarsku daarteen dat dit nie sal help om bloot beroepselemente oor te ent op die bestaande kurrikulum wat oorwegend akademies is nie.

### 2.3.10 Beroepsgerigte onderwys stel andersoortige eise aan onderwysersopleiding as akademiese onderwys

'n Ernstige probleem met beroepsgerigte onderwys is dat die onderwyserskorps nie opgelei is om beroepsgerigte onderwys aan te bied nie. Berkhout (1989b:15) meen dat beroepsgerigte onderwys die opleiding van onderwysers meer problematies sal maak. Verder moet in gedagte gehou word dat in die RSA eerste- en derdewêreld standaarde gehandhaaf word. 'n Groot gedeelte van die bevolking het nie eens voldoende opleiding vir akademiese onderwys nie. Onderwysinstansies wat huidiglik beroepsgerigte onderwys aanbied, moet dikwels mense aanstel met onvoldoende kwalifikasies.

Voorts meen onderwysers dat die opleiding wat hulle in tegnologie gehad het, heeltemal onvoldoende is. Die opleiding van onderwysers by universiteite en onderwyskolleges is te akademies georiënteerd en hou nie tred met veranderinge op tegnologiese gebied nie. Die onderwyser kom in sy opleiding ook nie in aanraking met die nuutste ontwikkelinge op tegnologiese gebied nie (Hurst, 1994:74).

Van den Berg (1987:219) is van mening dat onderwysers by universiteite en kolleges opgelei word waar hulle selde in aanraking kom met die wêreld van die tegnologie. Hy noem verder dat algemene beroepsgerigte vakke wel aangebied word, maar akademies georiënteerd is. Selfs die sogenaamde beroepskole soos die landbou-, handel- en tegniese skole, is in werklikheid akademies georiënteerde alomvattende skole wat volgens hom slegs twee beroepsgerigte vakke uit die ses mag aanbied.

Van den Berg (1985a:5) wys daarop dat dit naïef is om te verwag dat mense vanuit 'n nie-tegnologiese kultuur in staat sal wees om dit wat hulle tydens 'n kort opleidingskursus oor tegnologie geleer het, aan leerlinge oor te dra. Moderne tegnologie is die produk van eeue se westerse denke en kultuur en kan nie sonder meer op 'n nie-westerse kultuur oorgeënt word nie.

Van Rensburg (1986:5) sluit hierby aan met sy bewering dat nie-westerlinge eers ontvanklik gemaak moet word vir die westerse tegnologie omdat hulle negatief staan teenoor tegnologie en tegniese onderwys.

'n Ander probleem is dat die onderwyser bloot akademiese opleiding het wat dikwels ver verwyderd is van wat werklik in die praktyk geld. Van die onderwyser word ook nie verwag om navorsing te doen oor sy vakinhoud nie, maar bloot om aan te bied dit wat in die sillabus vir hom voorgeskryf word. Nogtans word die onderwys toerekenbaar gehou vir die kwaliteit van die mensekrag wat die skool verlaat. Die kurrikulum vir onderwysersopleiding sal daarom ook hersien en aangepas moet word ten einde die onderwyser toe te rus om die toets van professionele doeltreffendheid te kan slaag (Liebetrau, 1982:110). Niebuhr (1985:39) beveel aan dat vakmanne uit die praktyk op 'n deeltydse basis aangewend moet word om aan te vul waar onderwyspersoneel nie oor die nodige vaardighede beskik nie. 'n Voorbeeld van 'n moontlike oplossing vir die pro-probleem word in die Transkei gevind waar kundiges in 1985 vanaf Israel ingebring is om te help met die voorsiening van onderrigmiddele, die oprigting van werkswinkels en opleiding van onderwysers in tegniese onderwys (Ngubentombi, 1989:62).

### 2.3.11 Beroepsgerigte onderwys kan dien as teenvoeter vir die negatiewe houding van die gemeenskap jeens beroepsonderwys

Daar is toenemende kommer oor werkloosheid van skoolverlaters en die blaam word geplaas op 'n sogenaamde papierkwalifikasie sindroom. Daar is 'n wanbegrip dat papierkwalifikasies 'n paspoort is om werk te verseker in die moderne ekonomiese sektor, sonder inagneming van die arbeidsmarktoestande. Van Rensburg (1993:8) praat van die "graad-vir-Jannie sindroom". In die samelewing is daar sekere beroepe, soos byvoorbeeld die van prokureur, dokter en tandarts, waaraan hoë status gegee word. Nuwe beroepe wat op tegnologiese gebied ontstaan het, is onbekend en word as minderwaardig beskou. Dit gebeur ook omdat die meeste van hierdie beroepe binne die diplomastrukture van technikons val en nie tot grade lei nie. Die probleem wissel wel in grootte van land tot land, maar word regoor Afrika ervaar.

In die RSA word hierdie negatiewe houding van die publiek jeens sekere beroepe weerspieël in die werkloosheidsyfers wat aangehaal word deur Bendix (1992:

477). Volgens haar was daar, nietaanstaande 'n hoë werkloosheidsyfer, in 1990 40 683 vakante poste hoofsaaklik in die professionele, semi-professionele, tegniese en mediese beroepe soos byvoorbeeld verpleging.

Dit sluit aan by Engelbrecht (1988:150) wat beweer het dat Suid-Afrika 'n situasie ondervind waar die onderwysstelsel sekere mensekragkategorieë oorvoorsien terwyl daar 'n akute tekort in ander kategorieë bestaan. Daarom beveel hy aan dat daar 'n balans moet kom tussen algemene vormende akademiese onderwys en 'n algemene vormende beroepsgerigte onderwys.

### 2.3.12 Beroepsgerigte onderwys is duurder as ander vorme van onderwys

Volgens die NEPI-verslag (NEPI, 1992b:52) is beroepsgerigte onderwys duurder as enige ander vorm van onderwys. Ook Berkhout (1988:16) beweer dat dit algemeen aanvaar word dat akademiese onderwys goedkoper is as beroepsgerigte onderwys. Berkhout beweer ook (1989b:13) dat die koste van beroepsgerigte onderwys dit onwaarskynlik maak dat die stelsel sal kan aanpas.

Gespesialiseerde toerusting, materiaal, goed opgeleide onderwysers en die verskaffing van fasiliteite, maak beroepsgerigte onderwys duur. Tog word dit van die onderwys verwag om, behalwe die doelstelling van ontwikkeling van die volle potensiaal van elke kind, ook aan die verwagtings van die samelewing te voldoen. Daarby kom nog politieke verwagtinge soos die bevordering van nasionale eenheid en ekonomiese verwagtinge soos die bevordering van ekonomiese groei (Berkhout, 1989b:17).

### 2.3.13 Beroepsgerigte onderwys kan ekonomiese groei bevorder

Van Schalkwyk (1985b:80) beweer dat dit om ekonomiese redes noodsaaklik is dat mense beroepsgerigte onderwys ontvang. Volgens Marais (1988:168) is die onderwys onlosmaaklik verbind aan die ekonomiese bestel van die land. Die onrus in swart skole kan ook nie los van die sosio-ekonomiese situasie van armoede, werkloosheid, hoë digtheidsbewoning en verstedeliking gesien word nie.

Volgens Kallaway (1988:5) is 'n herstel van die onderwyssituasie in die land, soos vervat in die De Lange-

verslag van 1981 of die Onderwysvernuwingstrategie van 1991, slegs moontlik indien onderwyshervormings die ekonomiese posisie van mense verbeter. Volgens hom bestaan daar 'n definitiewe verband tussen onderwyshervorming en ekonomiese groei in die land.

Dit is nie maklik om te bepaal presies wat die verband tussen onderwyshervorming en ekonomiese groei is nie (O'Dowd, 1992:1). Tog het die vraag na alternatiewe in onderwyshervorming wat moontlik ekonomiese groei kan fasiliteer, oor die afgelope dekade aansienlik toegeneem (Berkhout, 1988:13).

Hoewel daar eenstemmigheid is dat daar 'n verband bestaan tussen die tipe onderwys en ekonomiese groei, is daar kontroversie oor watter een van die twee die oorsaaklike faktor is (Unterhalter, Wolpe & Botha, 1991:99). Die meeste ekonome erken die feit dat onderwys noodsaaklik is vir ekonomiese groei, maar vanweë die abstrakte aard van onderwys, is dit baie moeilik om te bepaal watter bydrae die onderwys lewer (Contogiannis & Peter, 1988:69).

Unterhalter, Wolpe & Botha (1991:139) is van mening dat nie akademiese of beroepsonderwys kan voorsien in die behoeftes van 'n dinamiese, gedifferensieerde ekonomie wat in toenemende mate afhanklik is van geïntegreerde, beroepsgerigte vaardighede nie. Dit wil voorkom asof die oplossing lê in die goue middeweg tussen akademiese onderwys en beroepsonderwys, naamlik in beroepsgerigte onderwys.

## 2.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n omskrywing gegee van die aard van beroepsgerigte onderwys. Dit is gedoen aan die hand van 'n literatuurstudie wat gemaak is oor die verskillende begrippe beroepsonderwys, beroepsgerigte onderwys, loopbaanonderwys en loopbaangerigte onderwys. Daar is gepoog om 'n duidelike onderskeid tussen die betekenisse van die genoemde begrippe te maak. Daarna is enkele van die belangrikste kenmerke van beroepsgerigte onderwys bespreek.

In hoofstuk 3 word aandag gegee aan die ontstaan en huidige voorsiening van beroepsgerigte onderwys in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

# HOOFSTUK 3 : BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

## 3.1 INLEIDING

Die wesensaard van beroepsgerigte onderwys is in hoofstuk 2 ondersoek. In hierdie hoofstuk word die ontstaan en huidige voorsiening van beroepsgerigte onderwys in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel in oënskou geneem. Die historiese oorsig wat gegee word, is ingedeel in tydperke volgens Nasionale Party bewind omdat hierdie party 'n noemenswaardige uitwerking op die onderwysgeskiedenis in die land gehad het. Die geskiedenis van die onderwys van die verskillende bevolkingsgroepe word afsonderlik bespreek in die tydperke voor en tydens die Nasionale Party bewind omdat daar 'n groot verskil was in die hantering van die onderskeie onderwysdepartemente deur die Regering. Na die Nasionale Party bewind word geen onderskeid getref tussen die verskillende bevolkingsgroepe nie en is alle veranderinge wat aanbeveel en geïmplementeer is, op alle bevolkingsgroepe van toepassing omdat Suid-Afrika weggedoen het met 'n beleid van segregasie.

'n Volgende aspek waarna gekyk word, is die kurrikulum vir beroepsgerigte onderwys omdat dit voorkom asof die bestaande kurrikulum nie meer toepaslik is nie. 'n Enkele voorbeeld wat hier genoem kan word, is die feit dat in die sekondêre skole tikmasjiene in die tikklas gebruik word terwyl die sakesektor woordverwerkers of rekenaars gebruik. Die matrikulant kon 'n onderskeiding vir tikskrif behaal het, maar is dan nog steeds nie voorberei om as tikster tot die arbeidsmark toe tree nie. Die rol wat die privaatsektor, vanweë sy rol as werkverskaffer, kan speel om behulpsaam te wees met die voorsiening van relevante onderwys, word daarom in hierdie hoofstuk bestudeer. Daar word ook gewys op die noodsaaklikheid van 'n vennootskap tussen die onderwys as voorsiener van arbeid, en die privaatsektor as werkverskaffer in onderwysvoorsiening.

## 3.2 DIE VOORSIENING VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

### 3.2.1 Die voorsiening van formele beroepsgerigte onderwys

#### 3.2.1.1 Beroepsgerigte onderwys vir swartes

**a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948)**

- **Sendingonderwys**

Reeds tydens sendingonderwys in die 17de en 18de eeu was indiwiduele onderwys en vakmanskap in byna alle sendingskole aangebied. Vanaf 1830 is beroepsgerigte onderwys by sendingstasies van onder andere die Rynse Sendinggenootskap, die Glasgowse Sendinggenootskap en die Berlynse Sendinggenootskap in die Kaapprovinsie aangebied (Coetzee, 1975:425). Dogters is onderrig om huishoudelike take te verrig. Onderrig vir seuns het landbou en nywerheidskursusse ingesluit, terwyl van die knapstes 'n vakleerlingskap by meesters kon deurloop (Van der Walt, 1991a:168).

Om politieke redes moes onderwys in die sendingskole nie te akademies wees nie, maar beroepsgerig. Een van die politieke redes was dat die

swart kind net onderwys moes ontvang om bruikbaar te kon wees op ekonomiese terrein, maar moes geen bedreiging inhou vir die blanke nie (Hartshorne, 1992:188; Kallaway, 1984:51; Behr, 1984:183). Hierdie siening word deur Coetzee (1975:435) onderskryf wanneer hy meld dat nywerheidsonderwys vir swart kinders nie bedoel was om van hulle ambagsmanne te maak nie, hulle moes net bruikbaar wees vir die blankes. Behalwe vir landbou en nywerheidsonderwys, het beroepsgerigte onderwys vir swartes nie bestaan nie (Coetzee, 1963:442). In Suid-Afrika was dit dus die sendelinge wat die grondslag gelê het vir beroepsgerigte onderwys.

* **Bepalings volgens die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika (1910)**

Die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika het beheer oor naturellesake onder die Minister van Naturellesake geplaas wie dan spoedig ook 'n ondersoek na onderwys gelas het. In 1922 het die hoofinspekteur van bantoe-onderwys spesiale leer-

planne in werking gestel wat as hoofdoel gehad het die aanpassing by die behoeftes van die "bantoe", soos geformuleer deur die blanke amptenare van die betrokke departement (Du Toit & Nell, 1982:103 & Coetzee, 1963:446).

**b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948 - 1994)**

Dit was eers op aanbeveling van die De Villiers-kommissie van Ondersoek na Tegniese en Beroepsonderwys van 1948 dat hoër-primêre en sekondêre skole vir swartes sou begin met beroepsgerigte onderwys. Voortaan sou beide akademiese en beroepsgerigte onderwys by die swart skole aangebied word.

* **Riglyne van die Eiselen Kommissie (1949)**

Kort nadat die Nasionale Party onder dr. D.F. Malan in 1949 aan bewind gekom het, is 'n kommissie van ondersoek na Naturelle-onderwys onder leiding van dr. W.W.M. Eiselen aangestel. Die bevindings en aanbevelings van die kommissie is

opgeneem in die Bantoe Onderwyswet, Wet 47 van 1953 (Behr, 1988:33).

Dit was duidelik dat die Nasionale Party regering meer klem geplaas het op ietwat meer beroepsgerigte onderwys met die doel om ondergeskikte, stamgerigte swartes te lewer wat geen bedreiging vir die blankes sou inhou nie (Christie & Colins, 1988:182). 'n Ander rede was dat die swartes in die skool moes leer om te aanvaar dat hulle op sosiale vlak die blanke se mindere is (Kallaway, 1984:166; Unterhalter et al., 1991:4).

* **Die Soweto-opstande van 1976 en die studente-opstande daarna in Kaapstad**

Dit was hoofsaaklik die Soweto-opstande van 1976 en die studente-opstande in Kaapstad in 1980 wat gelei het tot onderwyshervorming (Kallaway,1984: 184). Vyftienduisend swart jongmense het hulle misnoeë te kenne gegee met Bantoe-onderwys wat as doel gehad het die voorbereiding van swart kinders vir 'n ondergeskikte rol in die gemeen-

skap. Voorts was hulle ook ontevrede oor Afrikaans as onderrigmedium in die skole (Hartshorne, 1992:203).

Radikale leiers in die swart gemeenskap het na vore gekom met eise vir onderwyshervorming, soos die wegdoen van die Bantoe Onderwysdepartement, gelyke onderwyskapitaalbesteding, verpligte onderwys vir swart kinders en gelyke salarisse vir onderwysers van alle bevolkingsgroepe. Agter hierdie hervormingsinisiatief was die behoefte om die geskoolde arbeidskrisis aan te spreek. Beperkings op die opleiding van swartes weens die struktuur van die onderwysstelsel moes aangespreek word (Davies, 1988:346).

Die Soweto-onluste het die aandag gevestig op swart onderwys en het tot gevolg gehad dat die regering nou meer geld vir swart onderwys in die stedelike gebiede bewillig het (Badat, 1991;77). As gevolg hiervan is die eerste tegniese hoërskool in 'n swart woongebied in 1980 gebou, naamlik Jabulani Technical High School in Soweto (Chisholm, 1988:395).

*** Die vraag na geskoolde arbeid**

In 1980 het 'n opswaai in die ekonomiese groei in Suid-Afrika die vraag na geskoolde arbeid laat vergroot. Nieteenstaande hierdie vergrote vraag na arbeid, het die swartes weerstand getoon teen die blank-beheerde ekonomie en wou nie betrekkings daarin aanvaar nie. Leerlinge het skool toe gegaan om te beraadslaag oor die politiek en die bevrydingstryd en nie om te leer nie. Skole, kolleges en universiteite was deel van die arena van politieke mobilisering waar die leerkultuur ontbreek het.

*** Die Departement van Bantoe-onderwys word Departement van Onderwys en Opleiding (1976)**

Die regering het die onrus in swart skole probeer teëwerk deur die naam van Bantoe Onderwysdepartement te verander na Onderwys en Opleiding en daarmee saam ook wetgewing aangaande onderwys vir swartes gewysig. Die Soweto Teacher's Action Group het swart onderwys afgemaak as 'n "Broeder-

bond-beheerde politieke wapen" om blankes se beheer oor swartes te verseker (Van der Walt, 1991b:193).

* **Aanbevelings van die De Lange Kommissie van Ondersoek**

Teen 1980 was swart skole die plekke waar die bevrydingstrategie bespreek is. Skole het plekke van onrus geword. Hierdie omstandighede het die regering genoodsaak om die RGN te versoek om ondersoek in te stel na die onderwyssituasie in die land. Die RGN-kommissie van ondersoek onder voorsitterskap van J.P. de Lange is aangestel (Behr, 1984:301). Die RGN-verslag (HSRC, 1981a: 8) wat na aanleiding van hierdie ondersoek verskyn het, het 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys voorgestel en dit het gelei tot die wegbeweeg van uitsluitlik akademiese onderwys (Behr, 1984:301). Volgens die verslag moes differensiasie in die onderwys bepaal word in ooreenstemming met die mensekragbehoeftes in die land en nie volgens die behoeftes van die indiwidu nie. 'n Stelsel van differensiasie moes aanpasbaar wees

by veranderende omstandighede. Differensiasie moes gekoppel wees aan verskillende studievelde, verskillende grade of vlakke en verskillende toelatingsvereistes by onderwysinstellings (RGN, 1981a: 98-100).

* **Transformasie van die destydse "bantoeskole"**

In 1982 is 'n program geloods vir die transformasie van die sogenaamde bantoeskole na tegniese en handelskole (Chisholm, 1983:362). Op grond van historiese gebeure in die onderwys, het die swart mense geglo dat die veranderinge in die onderwys nog steeds in diens staan van die kapitalistiese stelsel met die voorbereiding van die swart leerling vir minderwaardige handearbeid as doel. Die swartmense was deeglik bewus van dr. Verwoerd, die destydse Eersteminister se ideologie dat hulle opgelei moes word as fabriekswerkers en was daarom nog steeds gekant teen tegniese onderwys. Deur 'n tegniese onderwysrigting te volg, het hulle gemeen, sou hulle verdink kon word van steun aan die apartheidsbeleid (Van der Walt, 1991a:170).

Om politieke redes dus, was enige vorm van beroepsgerigte onderwys vir swart mense onaanvaarbaar.

### 3.2.1.2 Beroepsgerigte onderwys vir blankes

#### a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948)

* **Die ontstaan van beroepsgerigte onderwys**

Die eerste wetgewing rakende beroepsgerigte onderwys vir blankes, is gepubliseer in Wet No.4 van 1874. Hiervolgens moes die volgende beroepsgerigte vakke in die hoër onderwysinrigtings aangebied word: mineralogie, tegnologie, landboukunde, politieke en fisieke aardrykskunde, musiek en sterrekunde.

Hierdie onderwyswetgewing van T.F.Burgers, die president van Transvaal, het egter nie byval by die Transvaalse bevolking gevind nie omdat dit volgens hulle te sterk verwêreld en te on-Afrikaans was (Coetzee, 1941:37, Muller, 1973: 231).

*** Tegniese onderwys**

Dit was die destydse Suid-Afrikaanse Spoorweë wat in 1890 begin het met tegniese onderwys by Soutrivier en later te Uitenhage, Kimberley en Oos-Londen. Die opkoms van die mynbedryf en daarmee saam die ontstaan van spoorweë, het gelei tot 'n behoefte aan ingenieurs en tegnici. Om hierdie rede is daar in 1894 begin met die opleiding van myningenieurs by die destydse "South African College of Mines" (huidiglik die Universiteit van Kaapstad) (Behr, 1988:139).

'n "Mijnschool" is in 1897 in Johannesburg geopen. Intussen is die eerste Staatsgimnasium in 1892 opgerig met afdelings vir onder andere wetenskap, opvoedkunde en landboukunde (Coetzee, 1941:67).

Die "South African School of Mines" verskuif in 1903 vanaf Kimberley na Johannesburg en word die "Transvaal Technical Institute" met takke oor die hele Witwatersrandgebied. In 1910 word dit deel

van die "School of Mines and Technology". Toe die "School of Mines and Technology" in 1922 by die Universiteit van die Witwatersrand ingelyf word, word die "Transvaal Technical Institute" weer die " Witwatersrand Technical College " (Behr, 1988:139).

Tot op hierdie stadium was die hoofdoel van die tegniese onderwys wat aangebied is, om te voorsien in die mensekragbehoeftes van die land. Die ekonomiese oplewing in die land het gelei tot 'n behoefte aan geskoolde mensekrag, met 'n gevolglike totstandkoming van verskeie onderwysinrigtings. In 1905 begin die Kaapstadse Sakekamer met aandklasse in handelsvakke wat sou lei tot die ontstaan van die Kaapstadse Tegniese Kollege. In 1907 volg 'n tegniese instituut in Durban wat in 1915 die Durbanse Tegniese Kollege word (Behr, 1988:139).

* **Bepalings van die Hoër Onderwyswet van 1923**

Volgens Behr is alle tegniese en beroepsgerigte onderwys met die proklamasie van die Hoër Onder-

wyswet (Wet 30 van 1923) onder beheer van die Unie Onderwysdepartement geplaas. Hierna word een na die ander tegniese kollege vir blankes opgerig. Daar is onderskei tussen drie tipes beroepsgerigte onderwys, naamlik handelsonderwys, tegniese onderwys en huisvlytonderwys (Behr, 1988:140).

**b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948-1994)**

*** Bevindings van die De-Villierskommissie van 1948**

Wat handelsonderwys betref, het die De Villiers-kommissie van Ondersoek na Tegniese en Beroeps-onderwys van 1948 gevind dat die handelsvakonderwys in blanke provinsiale skole heeltemal onvoldoende was. Die kommissie bevind in 1949 dat onderwys te akademies is. Onderwys in handelsvakke word op te vroeë ouderdom aan leerlinge aangebied, selfs voordat hulle behoorlike algemene onderrig ontvang het (Behr, 1988:140).

*** Tegniese skole**

Ten opsigte van blanke onderwys, is tegniese onderwys by tegniese hoërskole aangebied. Hierdie tegniese skole was aanvanklik onder die beheer van die Departement van Onderwys, Kuns en Kultuur (Kruger 1986:187). In die begin van 1968 is hierdie skole onder die beheer van die provinsiale owerhede geplaas (Behr, 1988:142).

Van hierdie skole het nie uitsluitlik tegniese onderwys aangebied nie. 'n Voorbeeld hiervan is die vroeëre John Orr Technical High School wat sedert 19 Maart 1960 'n gewone hoërskool is. Dit was aanvanklik die enigste skool in Suid-Afrika wat 'n hotelskool gehad het waar leerlinge beroepsgerigte onderwys ontvang het vir 'n beroep in die hotelbedryf. Leerlinge wat hierdie rigting gevolg het, kon nog steeds na 'n tersiêre inrigting gaan of kies uit 'n wye verskeidenheid beroepe in die hotel- en spysenierbedryf. Verskeie ander beroepsrigtings word hier aangebied byvoorbeeld tegnies meganies, tegnies

elektronies, tegnies siviel en elektries (John Orr High School, 1994:6).

Die aantal leerlinge wat jaarliks aansoek gedoen het om die kursus Hotelhouding en Spyseniering te neem, het so toegeneem dat hierdie studierigting tans by meer skole aangebied word. Dit word huidiglik onder andere in die Vaaldriehoek by die Hoërskool Driehoek in Vanderbijlpark en by Hoërskool Overvaal in Vereeniging aangebied (Hoërskool Driehoek, 1995; Hoërskool Overvaal, 1995).

Verskeie tegniese kolleges lewer ook 'n belangrike bydrae met betrekking tot beroepsgerigte onderwys (Steyn, Steyn & De Waal, 1990:108). Die woord "tegnies" in die benaming is eintlik verwarrend omdat 'n wye verskeidenheid kursusse by hierdie kolleges aangebied word. Tegniese Kolleges bied kursusse aan vir die Nasionale Tegniese Sertifikaat maar ook kursusse in kantooradministrasie en sekretariële werk. Verder word kultuurverrykingskursusse soos drama en

ballet asook verskillende stokperdjiekursusse, soos byvoorbeeld pottebakkery, aangebied (Behr, 1988:146).

* **Tersiêre beroepsgerigte onderwys**

In die laat sestigerjare kom 'n verandering in onderwys met die totstandkoming van die destydse Kolleges vir Gevorderde Tegniese Onderwys wat in 1979 die huidige technikons sou word (Behr, 1988: 142; Van Rensburg, 1986:2). Die technikons sou nie net tegniese onderwys voorsien nie, maar ook beroepsonderwys en beroepsgerigte onderwys en wel op tersiêre vlak.

Teen 1988 het daar reeds tien residensiële technikons in die land bestaan, asook een wat korrespondensiekursusse aanbied, naamlik Technikon Suid-Afrika. Beroepsgerigte onderwys word by technikons op tersiêre vlak aangebied in 'n groot verskeidenheid rigtings, naamlik elektrotegniese, meganiese en siviele ingenieurswese chemiese en fisiese tegnologie; voedsel- en tekstiel wetenskappe; landbouwetenskappe; boukunde

en argitektuur; handel- en bestuurswese; sekretariële opleiding; rekeningkunde; rekenaar- en wiskundige wetenskappe; skakelwese en joernalistiek; kuns en ontwerp en die uitvoerende kunste. Bestaande kursusse word gereeld hersien en nuwe kursusse ingestel (Van Rensburg, 1992:13). Technikons sou geleidelik, afhangende van die bestuursrade, anderskleurige studente toelaat om by die betrokke technikon te registreer.

#### 3.2.1.3 Beroepsgerigte onderwys vir kleurlinge

**a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948)**

*** Sendingonderwys**

Aanvanklik is geen segregasie in sendingskole toegepas nie en is kleurlingkinders ook in sendingskole toegelaat. Volgens Horrell (1970:5-121) het die Morawiese Sendinggenootskap reeds in 1737 begin met beroepsgerigte onderwys vir kleurlinge in die vorm van landbouonderwys. Die Rynse Sendinggenootskap wat in 1829 na Suid-Afrika gekom het, het landbouonderwys sowel as bouwerk vir kleurlingkinders aangebied.

Gedurende die jare 1890 tot 1900 is heelwat veranderinge in die kurrikulum aangebring en kinders het onderwys ontvang in verskeie beroepsgerigte rigtings naamlik naaldwerk, houtwerk, kleremakery en natuurstudie.

* **Staatsonderwys**

In 1905 begin die Transvaal Onderwysdepartement met beroepsgerigte onderwys vir kleurlinge by die Spes Bona Sentrum in Johannesburg. In 1921 het die Kaapkolonie 'n aparte sillabus vir kleurlingonderwys ingestel waarin beroepsgerigte onderwys voorkeur gekry het. Kleurlinge moes voorberei word vir hande-arbeid. Na ongeveer 'n dekade is dieselfde kurrikulum ingestel as in wit skole. Die M.L. Sultan Tegniese Kollege wat in 1946 in Natal opgerig is vir Indiërs, het in 1950 40 kleurlingstudente gehad (Horrell, 1970:69).

**b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948 - 1994)**

Na 1948 was die kurrikulum vir kleurlinge dieselfde as by blanke skole. Die De Villiers Kommissie van Ondersoek na Tegniese en Beroepsonderwys sou ondersoek instel na Kleurlingonderwys. Op hierdie stadium het die Natal Tegniese Kollege klasse vir Kleurlingstudente in kleremakery, handelsvakke en tegniese vakke aangebied (Horrell, 1970:69).

Die De Villiers Kommissie het verslag gedoen dat beroepsgerigte onderwys aangebied word by die nie-blanke skool vir Dowes in Worcester. Hierdie skool is ook deur kleurlingkinders bygewoon. Voorts het 548 Kleurlingseuns in 1955 nywerheidskole bygewoon. 'n Kleurling Onderwyskommissie is in die Kaapprovinsie ingestel in 1953 onder voorsitterskap van dr. De Vos Malan en prof. M.C. Botha. Die Kommissie moes vasstel of die klem op akademiese onderwys nie lei tot frustrasie onder kleurlingkinders nie. Die Kommissie het onder andere aanbeveel dat beroepsgeonderwys vanaf st.6 aangebied moet word in die handels-, meganiese en landbourigting.

Voorts is aanbeveel dat kleurlingonderwysers nie net opgelei moet word om akademiese onderwys te kan aanbied nie, maar as spesialis onderwysers opgelei moet word om beroepsgerigte vakke te kan aanbied (Horrell, 1970: 50).

Teen 1961 was daar nege staatsondersteunde skole wat beroepsgerigte onderwys aangebied het in verskeie sentra in die Kaapprovinsie. Hiervan was die St. Josephskool in Aliwal-Noord die grootste.

Ingevolge 'n proklamasie in die staatskoerant van 15 November 1963 het die Departement van Onderwys op 31 Desember 1963 opgehou om kleurlingonderwys te administreer en te beheer. Die verantwoordelikheid van kleurlingonderwys is oorgedra aan die Departement van kleurlingsake en eers hierna sou meer aandag gegee word aan beroepsgerigte onderwys (Du Toit & Nell, 1982:147).

Die nuwe sillabus vir beroepsgerigte onderwys is tussen die jare 1967 en 1969 geïmplementeer. Hiervolgens kon kinders vanaf st.7 kies tussen 'n akademiese, tegniese, handels-, landbou- of huishoudkun-

dige rigting (Horrell, 1970:121).

### 3.2.1.4 Beroepsgerigte onderwys vir Indiërs

**a) Die tydperk voor Nasionale Party bewind (voor 1948).**

In Transvaal was daar geen onderskeid tussen kleurlingkinders en Indiërkinders in skole gemaak nie (Horrell, 1970:90). In die Kaapprovinsie het die meerderheid Indiërkinders kleurlingskole besoek (Ncoko, 1992:65).

In 1927 is 'n Indiër Tegniese Instituut in Durban gestig maar dit was eers in 1946 met die totstandkoming van die M.L. Sultan Tegniese Kollege wat beroepsgerigte onderwys vir Indiërs 'n aanvang geneem het (Behr, 1988:140)

**b) Die tydperk tydens Nasionale Party bewind (1948 - 1994)**

In 1960 het die destydse Eerste Minister, dr. H.F. Verwoerd, die verantwoordelikheid van Indiër onderwys oorgedra aan die Departement van Indiërsake. Tot en met 1983 toe Indiëronderwys die verantwoorde-

likheid van die Huis van Afgevaardigdes geword het, was die kurrikulum vir Indiërskole dieselfde as vir blanke skole (Ncoko, 1992:68).

### 3.2.1.5 Die tydperk na Nasionale Party bewind (na 27 April 1994)

Na 27 April 1994 word geen onderskeid gemaak tussen onderwys vir die verskillende bevolkingsgroepe nie. Daar is net een nasionale onderwysdepartement waaronder al die provinsiale onderwysdepartemente resorteer. Veranderinge wat sedertdien aangekondig is, is dus van toepassing op alle skole omdat tans volgens wet geen rassesegregasie is nie.

Meer klem word gelê op wiskunde, wetenskap en tegnologieonderwys wat dui op 'n wegbeweeg van algemene akademiese onderwys. Subsidies van die regering aan tersiêre inrigtings is tans meer geredelik beskikbaar ten opsigte van studente wie in 'n natuurwetenskaplike rigting studeer (NCHE, 1996:22). Voortaan word in Suid-Afrika 'n geïntegreerde benadering jeens onderwys gevolg. Die skeiding tussen akademiese, vaardigheids- en beroepsonderwys word uitge-

skakel. Die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR), gebaseer op 'n stelsel van krediete vir studieresultate wat bepaal is, sal erkenning gee ook vir vaardighede geleer en kennis verwerf in die nie-formele sektor (SA, 1995: 15).

### 3.2.2 Voorsiening van nie-formele beroepsgerigte onderwys

#### 3.2.2.1 Inleiding

Transnet se opleidingssentrum by Esselenpark bied nie net indiensopleiding aan nie, maar ook beroepsgerigte onderwys aan volwassenes (Clarke & Kennedy, 1994 /1995:122). Maccauvlei Central Training Unit (CTU) is ook betrokke by onderwys. Kursusse word aangebied vir die opgradering van onderwysers, departementshoofde, hoofde van skole en vir dosente (CTU, 1994:46).

#### 3.2.2.2 Betrokkenheid van die privaatsektor by primêre en sekondêre beroepsgerigte onderwys

In Natal word onderwys aan swart kinders op die platteland hoofsaaklik voorsien deur boere, kerke, hospitale en myne. In Kwa-Zulu/Natal is slegs 14%

van die skole wat deur die Departement van Onderwys en Opleiding geadministreer word, staatskole en op die platteland is slegs 4% van die skole staatskole (Ardington, 1991:80).

In Johannesburg word Helpmekaarskool in 1992 die eerste Afrikaanse private hoërskool in Suid-Afrika met verskeie bekende sakeleiers as direkteure (Gous, 1992:1). Vanaf Januarie 1995 staan Helpmekaar meisieskool bekend as die Randse meisieskool. Du Plessis (1992:76) meen dat vooraanstaande bedryfsleiers reeds uitsprake gelewer het ten gunste van 'n groter rol in die onderwys. Hy meen verder dat die privaatsektor nie meer gemarginaliseerd kan toekyk na wat in die onderwys gebeur nie, maar aktief moet deelneem aan die onderwys. Volgens hom kan betrokkenheid van sake-ondernemers by die onderwys vir albei partye net voordeel inhou.

Die privaatsektor is op verskeie maniere betrokke by beroepsgerigte onderwys. Die befondsing van projekte en trusts, handelskole soos die PACE-kollege in Soweto, gesamentlike programme met die Departement van Onderwys en Opleiding en indiensopleiding

is voorbeelde van privaatsektorbetrokkenheid (Chisholm, 1983:364).

### 3.2.2.3 Betrokkenheid by tersiêre onderwys

Sedert die totstandkoming van technikons wat beroepsgerigte onderwys voorsien ooreenkomstig die mensekragbehoeftes van die handel en nywerheid, is daar goeie samewerking tussen die bestuur van die technikons en hierdie instansies. So bied Port Elizabeth Technikon aan werknemers van alle rasse sekere kursusse op die persele van motorvervaardigers aan (Behr, 1988:144). Nyweraars, sakelui en werkgewers word betrek by die saamstel van kursusse en dien ook op die technikon se beheerrade en kursusadvieskomitees. Die doel is om te verseker dat studente na afstudering, produktief aangewend kan word (Van Rensburg, 1992:13). Eksteen (1990:7) meen dat werkgewers wat studente na onderwysinrigtings stuur gedurende werktyd, in mensekapitaal belê en moedig dit graag by meer werkgewers aan.

Mangosuthu Technikon in Umlazi, word gefinansier deur Anglo American Corporation en De Beer's

Chairman's Fund. Lenings vir hostelle by Peninsula Technikon is teen 'n baie lae rentekoers deur Gencor beskikbaar gestel (Badat, 1991:78).

Verskeie dissiplines in die privaatsektor verseker dat die kwaliteit van beroepsgerigte onderwys by universiteite op standaard is. Professionele dissiplines soos argitektuur, ingenieurswese en medies stuur gereeld verteenwoordigers op inspeksie na die Universiteit van die Witwatersrand om te verseker dat onderwys op hierdie vakgebiede op standaard is (Charlton, 1993:18).

#### 3.2.2.4 Finansiële betrokkenheid

Van Wyk (1990:9) beweer dat die privaatsektor teen hoë koste moet vergoed vir die verlies aan beroepsgerigte onderwys op sekondêre vlak. Dit word gedoen deur werknemers na technikons, tegniese kolleges of universiteite te stuur op onkoste van die werkgewers.

'n Verdere voorbeeld van betrokkenheid is Sanlam se R2 miljoen oriëntasieprogram vir minderbevoorregte

matrikulante. Die program is gebaseer op beroepsgerigte onderwys wat vakke soos basiese ekonomie, boekhou, rekenaargeletterdheid, kleinsakebestuur en entrepreneurskap insluit. Sanlam hoop om hierdeur matrikulante te lewer wat by skoolverlating gereed is vir toetrede tot die besigheidswêreld (Smith, 1994:12).

Verskeie nie-regeringsorganisasies (NRO's) is ook betrokke by onderwys. Die "Independant Business Enrichment Centre" in Oos-London ontwikkel vaardighede by gegradueerdes (Naidoo, 1994:24). Die "Northern Transvaal School Building Trust" is betrokke by die voorsiening van skoolgeboue in Noord Transvaal (Ntsoane, 1995:10). 'n "Subject Selection Guide" vorm deel van die " Sowetan-Standard Bank Preparation for work programme" wat aanlegtoetse afneem ten einde leerlinge te help met vakkeuse (Matsie, 1995:16).

## 3.3 DIE KURRIKULUM VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

### 3.3.1 Oriëntering

Niebuhr (1991:32) is van mening dat die kurrikulum die kern van onderwysvoorsiening vorm. Die kurrikuleringsproses behels die identifisering van doelstellings, seleksie van leerinhoude en die beplanning van leergeleenthede en leerervarings. Mostert (1986:53) definieer 'n kurrikulum as 'n leergang, 'n onderwysprogram, akademiese program en 'n studieprogram. Hy meen verder dat onderwysdoelstellings en vakdoelstellings in die kurrikulum omskryf moet word (Mostert, 1986: 231). 'n Belangrike aspek wat in die kurrikuleringsproses vir beroepsgerigte onderwys in gedagte gehou moet word, is dat leerlinge in Suid-Afrika uit verskillende kultuur-agtergronde kom, wat noodwendig 'n invloed uitoefen op die voorkennis en die verwysingsraamwerk van die leerling. Voorts moet die politieke wrywinge in die land nie uit die oog verloor word nie en beweer Taylor (1992:194) tereg dat die nuwe kurrikulum 'n vredeskurrikulum sal moet wees wat noodwendig 'n positiewe bydrae tot beter menseverhoudinge en vrede in die RSA sal moet maak.

Dit is veral tegniese en tegnologiese ontwikkelinge wat veranderinge in die kurrikulum in 'n meer beroepsgerigte rigting dwing (HSRC, 1981b:40.) Meganisering, rekenarisering en ander veranderinge in industrie, laat skoolverlaters met akademiese onderwys redelik weerloos in die arbeidsmark. Dit het daartoe gelei dat die tradisionele akademiese kurrikulum 'n "heiligheid" geword het (Van der Stoep, 1984:viii). Van der Stoep (1984:63) beweer voorts dat opvoedkundiges wêreldwyd in toenemende mate ten gunste is van beroepsgerigte onderwys.

Vervolgens word gekyk na enkele menings oor die kurrikulum vir beroepsgerigte onderwys.

### 3.3.2 Die huidige kurrikulum

Niebuhr (1991:32) meen dat die kind reeds in st.5 die eerste keer kies tussen 'n beperkte getal vakke wat in st.6 en st.7 gevolg kan word. Teen die einde van st.7 word 'n bepaalde beroepsrigting gekies wat in die senior sekondêre fase gevolg word. 'n Leerling kies een uit die volgende agt rigtings: handel, landbou, huisvlyt, kunste, tegnies, natuurwetenskaplik,

geesteswetenskaplik of algemeen. Tans kan 'n leerling in die senior sekondêre fase hierdie vakke op hoër of standaardgraad, of selfs laergraad neem. Verder moet ook nie-eksamen vakke geneem word soos bv. Liggaamlike Opvoeding en Godsdiensonderrig. Slegs leerlinge van die vroeëre Departement van Onderwys en Kultuur, Administrasie: Raad van Afgevaardigdes neem nie Godsdiensonderrig as vak nie (Roshnee Secondary School Inligtingstuk, 1994:2).

In die Onderwysvernuwingstrategie (CHED, 1991:49) is voorgestel dat hierdie onderskeid ten opsigte van studierigtings laat vaar word en dat daar in die toekoms gedifferensieer word in die vorm van modules in sillabusse en gedifferensieerde eksamenvraestelle. Die hoofsaak is dat leerlinge in die huidige stelsel voorberei word vir tersiêre onderwys en nie as skoolverlater vir toetrede tot die arbeidsmark direk na skool nie (Behr, 1978:47).

Niebuhr (1991:36-39) skryf dit toe aan 'n skoolgebaseerde benadering wat in die onderwys gevolg word. Hy beveel aan dat 'n werkgewergebaseerde benadering gevolg word wat volgens hom groter voordeel inhou vir

die onderwys - veral as 'n struktuur ontwikkel word waarin voorsiening gemaak word vir werkgewers om by die kurrikuleringsproses betrokke te wees. 'n Stelsel wat op modulêre leerinhoudsordening berus, word voorgestel. Vakmanne uit die praktyk kan by die aanbieding van sekere modules betrokke wees en verder kan die werkgewers ook help om die finansieringslas van die staat ligter te maak. Die sakesektor **moet** 'n aktiewer rol speel by die bepaling van opvoedkundige doelstellings en die handel en nywerheid moet betrek word wanneer sillabusse opgestel word (Badenhorst, 1990:14).

In die Witskrif oor Onderwys en Opleiding van 15 Maart 1995, word 'n veelsydige modulêre kurrikulum wat bestaan uit algemene onderwysvakke en beroeps- of akademiese vakke, aanbeveel. Dit sou veral geskik wees vir die nie-formele onderwyssektor (SA, 1995:32). Voorts word deurgaans in die Witskrif gewys op samewerking tussen die Minister van Onderwys en die Minister van Arbeid. Daar word ook gewys op 'n vennootskap tussen die georganiseerde arbeid, die sakesektor, jeugorganisasies, kerke, en ander belanghebbendes.

Dekker & Lemmer (1993:124-131) praat ook van 'n vennootskap tussen die sakesektor en die onderwys. So 'n vennootskap sou voordele inhou vir leerlinge, onderwysers en beleidmakers, sowel as die handel en nywerheid. Volgens hulle is daar sedert die 1980's in die hele Westerse wêreld 'n aanvaarding van die feit dat die onderwys meer beroepsgerig moet wees. Daarom is dit belangrik dat die sakesektor meer betrokke moet wees by die opstel van 'n kurrikulum.

Pansegrouw (1992:23) is van mening dat die privaatsektor voortdurend vra vir 'n kurrikulum wat die ekonomiese en die mensekragbehoeftes van die land in ag neem. Daar word beweer dat die huidige kurrikulum die leerder swak voorberei om die tegnologiese gesofistikeerdheid van die samelewing te kan hanteer. Volgens hom is 'n gepaste kurrikulum 'n voorvereiste vir relevante onderwys.

## 3.4 DIE VRAAG NA BEROEPSGERIGTE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

Die vraag na beroepsgerigte onderwys word sterk beïnvloed deur makro-ekonomiese faktore soos die arbeidsmark se vraag na vaardighede. Stone (1993:9)

sê die ontwikkeling van hoëvlak mensekrag is nie iets wat tersiêre inrigtings in isolasie kan uitvoer nie. Dit kan byvoorbeeld nie net van die technikon verwag word om in hierdie vraag te voorsien nie. Die sekondêre skool sal ook veranderinge moet ondergaan om in hierdie behoefte te help voorsien.

Huidiglik word die klem gelê op technikons om beroepsgerigte onderwys te voorsien en die leiding te neem ten opsigte van onderwysbetrokkenheid in industrieverwante navorsing. Ongelukkig is daar 'n tradisionele geneigdheid om minder status aan technikononderwys te gee as aan onderwys aan universiteite. Technikononderwys word ook gesien as minder veeleisend op kognitiewe vlak en die persone met technikonkwalifikasies verdien minder as die met universiteitskwalifikasies.

Hofmeyer, voorsitter van Johannesburg Consolidated Investments (J.C.I.), het by 'n funksie waar hierdie firma geld geskenk het vir die Vaaldriehoekse Technikon, daarop gewys dat J.C.I. een van die weinige maatskappye is wat geensins 'n onderskeid tref tussen die vergoedingspakket vir gegradueerdes en gediplomeerdes

nie (Nel, 1990:12).

Tradisioneel word selfs op sekondêre vlak minder status verleen aan beroepsgerigte onderwys as aan akademiese onderwys. Van Wyk (1990:8) is van mening dat dit juis hierdie verkeerde waardes is wat lei tot verkeerde onderwys en opleiding. Hy beweer voorts dat die wanbalans wat in Suid-Afrika bestaan tussen akademiese opgeleides en beroepsopgeleide mense die gevolg is van verkeerde waardes wat die samelewing heg aan akademiese onderwys en beroepsonderwys. In die lig van die hoë werkloosheidsyfer behoort die noodsaak likheid van beroepsgerigte onderwys wat arbeidsmarkver want is, sterk beklemtoon te word en die tradisionele wanopvatting oor die status van akademiese onderwys, die nek ingeslaan te word.

Verster (soos aangehaal deur Nel, 1993:8) is van mening dat een van die grootste bydraes wat diplomandi kan maak tot die land se ekonomiese vooruitgang, is om te help om hierdie wanopvatting oor handvaardighede te verander. Hy wys ook daarop dat sowel akademiese kwalifikasies as beroepsgerigte vaardighede noodsaaklik is vir ekonomiese groei in die land.

Hierdie uitspraak word gesteun deur Marshall (1993:11) wat daarop wys dat daar gerespekteerde en hoë gehalte onderwys bestaan benewens universiteitskwalifikasies. Daar kan nie ekonomiese vooruitgang wees as studente nie ook oor die vaardighede beskik wat nodig is vir persoonlike ontwikkeling en die gespesialiseerde vaardighede benodig in die industrie nie.

Van Wyk (1990:8) praat van 'n misplaasde waarde wat ongelukkig deur die blanke gemeenskap ook oorgedra is na die anderkleuriges. Hierdie miskonsepsie het gelei tot 'n situasie in die land waar daar vier akademies gekwalifiseerde persone is vir elke beroepsopgeleide persoon (RGN, 1993:27). Van Wyk (1990:8) vergelyk die RSA as voorbeeld met Brittanje waar daar een akademies gekwalifiseerde persoon is vir elke nege beroepsopgeleide persone.

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die historiese verloop van beroepsgerigte onderwys in Suid-Afrika onder die loep geneem. Daar is ook gekyk na die voorsiening van beroepsgerigte onderwys in Suid-Afrika, beide deur die

staat en deur die nie-formele sektor. 'n Bespreking is gegee van die kurrikulum van beroepsgerigte onderwys in die land asook van die vraag na beroepsgerigte onderwys in Suid-Afrika.

In hoofstuk 4 word die navorsingsmetode wat gebruik word vir die empiriese ondersoek, bespreek. Die navorsingsontwerp word uiteengesit aan die hand waarvan die persepsies, verwagtinge en aanbevelings van die privaatsektor ten opsigte van die uitsette van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel empiries bepaal word.

# HOOFSTUK 4 : 'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE OPVATTINGE, VERWAGTINGS EN AANBEVELINGS VAN BEDRYFSLEIERS AANGAANDE ONDERWYS IN DIE RSA

## A. NAVORSINGSONTWERP

### 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 3 is onder andere die betrokkenheid van die privaatsektor by beroepsgerigte onderwys bespreek. Die belangrikheid van die privaatsektor as werkverskaffer aan die skoolverlater, maak dit noodsaaklik om die privaatsektor by die navorsing te betrek.

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp uiteengesit aan die hand waarvan die persepsies, verwagtinge en aanbevelings van die privaatsektor ten opsigte van die uitsette van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel empiries bepaal word.

Eerstens word die doel van die empiriese ondersoek gegee. Tweedens word aandag gegee aan die meetinstrument wat gebruik word. Daarna word die samestelling van die vraelys wat tydens onderhoudvoering gebruik is, die administratiewe prosedures wat gevolg is en die populasie wat by die ondersoek betrek is, bespreek

en terugvoer word gegee oor die inligting wat verkry is.

## 4.2 DIE DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

Die doel met die empiriese ondersoek is tweërlei. Eerstens word die menings en verwagtings van die privaatsektor rakende die arbeidsmarkgereedheid van skoolverlaters in Suid-Afrika bepaal. Tweedens word die aanbevelings van die privaatsektor aangaande beroepsgerigte onderwys bekom.

## 4.3 DIE MEETINSTRUMENT

### 4.3.1 Die persoonlike onderhoud

#### 4.3.1.1 Oriëntering

Volgens De Wet, Monteith, Steyn & Venter (1981:161) is die persoonlike onderhoud een van die mees algemene navorsingsmetodes wat gebruik word om data in te samel.

Die hoofdoel van die persoonlike onderhoud is om die wêreld te sien deur die oë van die een met wie die onderhoud gevoer word (Ely, 1991:57).

Volgens Ely (1991:62-65) is daar sekere vereistes waaraan die onderhoudvoerder moet voldoen, waarvan die volgende enkele van die belangrikste is. Die onderhoudvoerder:

* moet goed kan waarneem wat nie-verbaal in die onderhoud weergegee word;

* moet presies weet watter inligting hy/sy wil bekom en die gesprek in so 'n mate beheer dat soveel moontlik inligting bekom word;

* mag nie die onderhoud manipuleer nie;

* mag nie gefrustreerd raak as die vraag vaag beantwoord word of as die vraag nie reg geïnterpreteer word nie.

**4.3.1.2 Voordele van die persoonlike onderhoud**

Die volgende is enkele van die belangrikste voordele van die persoonlike onderhoud (Steyn, 1990b:56, Powney & Watts, 1987:38, Mahlangu, 1987:89, De Wet, et al., 1981:162):

* Aangesien persoonlike kontak motiverend van aard is, kan die onderhoudvoerder die respondent motiveer tot deelname.

* Die geleentheid bestaan om vreemde of onbekende begrippe te verduidelik. Mense in die privaatsektor, soos besighede en nywerhede, is dikwels nie vertroud met terminologie wat in die akademie of opvoedkunde gebruik word nie. Die onderhoudvoerder het tydens die onderhoud die geleentheid om te verduidelik waar nodig.

* Die onderhoud is 'n betekenisvolle gesprek tussen twee persone mits die onderhoudvoerder vooraf goed beplan.

* As gevolg van persoonlike kontak is die respons op vrae gewoonlik goed. Selfs mense wie nie kan lees of skryf nie, kan by die persoonlike onderhoud betrek word.

* Aangesien onderhoude gestruktureerd is, vergemaklik dit die taak van die onderhoudvoerder omdat die verloop van die onderhoud gesistematiseerd

plaasvind.

* Die onderhoudvoerder kan 'n vraag herformuleer of aanpas indien dit blyk dat die respondent dit misverstaan het.

* Nie-verbale gedrag kan waargeneem word omdat die onderhoudvoerder persoonlik teenwoordig is.

* Die omgewing kan beheer word deurdat die onderhoudvoerder die omgewing kan kies en sodoende geraas of steurnisse uitskakel.

* Die onderhoud is buigsaam en aanpasbaar by omstandighede.

* Ruimte kan geskep word vir dit wat die respondent spontaan uiter. Spontaneïteit speel 'n belangrike rol in navorsing. 'n Voordeel is dat indien 'n spontane antwoord opgeneem is, dit nie teruggetrek kan word nie.

* Die gebruik van 'n gestruktureerde vraelys tydens onderhoudvoering bied bepaalde riglyne aan die

onderhoudvoerder om te voorkom dat die tyd van die respondent onnodiglik gemors word.

* Anders as by ander navorsingsinstrumente soos byvoorbeeld die vraelys, kan die onderhoudvoerder kontroleer dat alle vrae beantwoord word.

Soos enige meetinstrument het die persoonlike onderhoud egter ook nadele.

### 4.3.1.3 Nadele van die persoonlike onderhoud

Die volgende is enkele van die belangrikste nadele van die persoonlike onderhoud (Mahlangu, 1987:91, Steyn, 1990b:56, Powney & Watts, 1987:42, De Wet, et al., 1981:162):

* Beperkte geografiese dekking
  Tydsbeperkinge en finansiële implikasies noodsaak 'n kleiner geografiese dekking.

* Koste
  Reis-, administratiewe- en telefoonkoste is hoog en impliseer dat slegs 'n beperkte steekproef by

die navorsing betrek kan word.

* Tyd
Onderhoudvoering neem baie tyd in beslag. Baie tyd word byvoorbeeld aan reise bestee.

* Ongerief
Ongerief kan veroorsaak word deur siekte of ander onvoorsiene gebeurlikhede.

* Anonimiteit bestaan nie
Die respondent kan nie anoniem deelneem soos in die geval van 'n vraelys nie. Daarom vereis onderhoudvoering ook absolute vertroue tussen die respondent en die onderhoudvoerder.

* Betroubaarheid van die onderhoudvoerder
Indien die onderhoudvoerder nie behoorlik opgelei is nie, kan menslike eienskappe soos onkunde, ongeduld, vooroordeel en onverskilligheid maklik deurskemer. Dit is daarom belangrik dat die respondent vertroue moet hê in die onderhoudvoerder as professionele en objektiewe navorser. In 'n atmosfeer van wantroue kan vertroulike data

nie bekom word nie.

* Persoonlike betrokkenheid van die navorser as onderhoudvoerder

  Die onderhoudvoerder kan persoonlik betrokke raak en

  - vir die respondent antwoord;
  - as duidelikheid oor 'n vraag verlang word, die antwoord in 'n rigting lei deur verduideliking;
  - irrelevante inligting verskaf of vra en sodoende misbruik maak van die respondent se tyd;
  - deur middel van 'n nie-verbale houding die respondent probeer beïnvloed.

* Beïnvloeding

Die moontlikheid bestaan dat die onderhoudvoerder die respondent kan probeer beïnvloed deur vrae te omskryf of antwoorde te suggereer. Daar moet ook gewaak word teen wedersydse beïnvloeding. Die onderhoudvoerder mag nie deur die respondent beïnvloed word nie.

### 4.3.2 Die konstruksie van die vraelys vir gebruik tydens onderhoude (kyk Bylae A)

#### 4.3.2.1 Algemene konstruksie

In die gestruktureerde vraelys wat gebruik is, hou elke vraag verband met die navorsing en is alle vrae geformuleer en beplan na aanleiding van bevindings uit die literatuurstudie.

By die strukturering van die vrae is in gedagte gehou wat volgens Ely (1991:58) gevra behoort te word by die beplanning van onderhoude, naamlik:

* wat moet ek weet van die persoon met wie ek 'n onderhoud gaan voer?

* hoe gaan ek met respondente in aanraking kom?

* hoe gaan ek die vrae formuleer?

* hoeveel tyd van die respondent mag ek in beslag neem?

* moet ek gebruik maak van 'n bandopnemer?

* hoe begin ek die onderhoud?

**4.3.2.2 Afdeling A van die vraelys**

In Afdeling A word biografiese gegewens oor die respondent ingewin. Die doel is om die geslag, ouderdom, kwalifikasies en ondervinding van die respondent te bepaal.

**4.3.2.3 Afdeling B van die vraelys**

Afdeling B het betrekking op algemene demografiese gegewens aangaande die maatskappy, naamlik die tipe onderneming, die hoeveelheid werknemers in diens, en die omgewing waarin die maatskappy geleë is. Die doel is om vas te stel of demografiese faktore 'n rol speel in die opvattinge van sakelui oor die onderwys.

**4.3.2.4 Afdeling C van die vraelys**

Afdeling C van die vraelys handel oor hoe gereeld skoolverlaters in diens geneem word en die opvattings van die onderneming oor die skoolverlater.

Die doel is om vas te stel wat die onderneming se opvattings is oor die akademiese kwaliteit van die skoolverlater en of ondernemings by indiensneming voorkeur gee aan spesifieke tipe skole se leerlinge.

### 4.3.2.5 Afdeling D van die vraelys

Hierdie afdeling handel oor die maatskappy se betrokkenheid by onderwys. Die doel is om vas te stel in watter mate die maatskappy tans betrokke is by onderwys, of enige betrokkenheid vir die nabye toekoms beplan word, en indien wel, waardeur en in watter mate betrokkenheid soms in die wiele gery word.

### 4.3.2.6 Afdeling E van die vraelys

Handel oor die maatskappye se menings oor en verwagtings van die onderwys. Daar word ook gekyk na enige aanbevelings vir veranderinge in die onderwys wat die betrokke maatskappy graag sou wou sien realiseer.

### 4.3.3 Populasie en steekproef

Die teikenpopulasie is die bedryf en industrieë in die Provinsie Gauteng. Omdat dit nie prakties uitvoerbaar is om die hele privaatsektor in Suid-Afrika en selfs in die Gautengprovinsie by hierdie navorsing te betrek nie, is van selektiewe steekproefneming gebruik gemaak. Ten einde steekproefgeldigheid te verseker, is die respondente gekies uit die grootste en bekendste werkverskaffers in die Gautengprovinsie. Sover moontlik is onderhoude gereël met die Personeelbestuurder of Bestuurder Menslike Hulpbronne by die onderneming se hoofkantoor of streekkantoor. As bereikbare populasie is twee van die bekendste en grootste werkverskaffers uit elk van die volgende groepe gekies (N=24):

- staalnywerhede
- bankwese
- versekering
- vervoerwese
- mynwese
- meubelbedryf
- klerebedryf

- kettingwinkels
- siviele ingenieurswese
- rekenmeestersfirmas
- voedselbedryf
- diensorganisasies

Vanweë die sensitiwiteit van ondernemings vir publisiteit wat moontlik negatief vertolk kan word deur lede van die publiek, het sekere respondente versoek dat die name van die maatskappye nie bekend gemaak moet word nie. Hoewel ander geen beswaar daarteen gehad het nie, is alle name ter wille van eenvormigheid weggelaat uit die verhandeling.

#### 4.3.4 Loodsondersoek

Voordat 'n onderhoudsvraelys gebruik gefinaliseer kan word, is dit nodig om die vraelys uit te toets ten einde tekortkominge in die vraelys uit te wys. Na aanleiding van die resultate van die loodsondersoek kan die vraelys gefinaliseer word (Wiersma, 1985:151). Om hierdie rede is onderhoude eers gevoer met twee groot maatskappye wat verteenwoordigend van die teikenpopulasie is, naamlik, Dorbyl Heavy Engineering en

Usko Beperk. Die response van die instansies betrokke by die loodsondersoek is nie ingesluit by die interpretasie van die data nie. Die loodsondersoek het aan die lig gebring dat dit nie nodig is om enige veranderinge aan die vraelys aan te bring nie.

### 4.3.5 Hantering van onderhoude

Reëlings ten opsigte van die onderhoude is met respondente getref op tye wat vir hulle geleë was. Vanweë die omvang van party van die organisasies moes met meer as een persoon by sommige ondernemings onderhoude gevoer word. Indiensneming van skoolverlaters en betrokkenheid by onderwys word by groot ondernemings deur afsonderlike afdelings behartig. Die navorser was self die onderhoudvoerder en sommige respondente het bekend gemaak dat hulle graag betrokke sou wou wees by verdere navorsing.

### 4.3.6 Administratiewe prosedures

Tydens die onderhoude is gebruik gemaak van 'n bandopnamemasjien ten einde moontlike verbale inligting te kontroleer. Hierdie inligting is vergelyk met dit wat op die vraelys aangeteken is. Hierna is die inligting op die rekenaar ingevoer en 'n frekwensieontleding daarvan gemaak.

## B. INTERPRETERING VAN INLIGTING VERKRY TYDENS ONDERHOUDE

Bevindinge wat gemaak word in hierdie navorsing, geld slegs vir die teikenpopulasie.

Sommige respondente het heelwat kommentaar gelewer op sekere vrae, daarom die groot verskeidenheid antwoorde by party vrae. Party respondente het verkies om op sommige vrae geen kommentaar te lewer nie.

Die inligting wat verkry is, word saamgevat in die volgende tabelle.

**Afdeling A: Algemene inligting aangaande die respondent**

Tabel 4.1 Geslag van respondente

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Manlik | 16 | 66,6 |
| Vroulik | 8 | 33,4 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.1 blyk dit dat die teikenpopulasie uit meer mans as vroue in bestuursposte bestaan.

Tabel 4.2 Ouderdom van respondente

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| 20 - 30 | 3 | 12,5 |
| 30 - 40 | 13 | 54,2 |
| 40 - 50 | 7 | 29,2 |
| bo 50 jaar | 1 | 4,1 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit inligting bekom aangaande ouderdom van respondente blyk dit dat die meeste respondente in die ouderdomsgroep 30 - 40 val terwyl 'n kleiner getal in die ouderdomsgroep 40 - 50 val en heelwat minder (12,5%) jonger as dertig of (4,1%) ouer as vyftig is.

Tabel 4.3 Kwalifikasies van respondente

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| St.10 | 3 | 12,5 |
| St.10 plus 'n diploma | 3 | 12,5 |
| St.10 plus 'n graad | 7 | 29,2 |
| Honneursgraad of hoër | 11 | 45,8 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.3 blyk dit dat die meerderheid respondente (87,5%) oor een of ander tersiêre kwalifikasie beskik. Voorts beskik 12,5% van die respondente oor een of ander diploma, 'n verdere 29,2% is gegradueerdes en 45,8% beskik oor ten minste 'n honneursgraad. Slegs 12,5% het geen verdere kwalifikasie verwerf na st.10 nie.

Tabel 4.4 Jare ondervinding in huidige bestuurspos by die betrokke maatskappy

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Een jaar | 2 | 8,3 |
| Twee jaar | 2 | 8,3 |
| Drie jaar | 4 | 16,6 |
| Vier jaar | 3 | 12,5 |
| Vyf jaar | 3 | 12,5 |
| Ses jaar | 2 | 8,3 |
| Sewe jaar | 1 | 4,2 |
| Nege jaar | 1 | 4,2 |
| Tien jaar | 1 | 4,2 |
| Elf jaar | 1 | 4,2 |
| Twintig jaar | 2 | 8,3 |
| Twee-en-twintig jaar | 1 | 4,2 |
| Vier-en-twintig jaar | 1 | 4,2 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.4 blyk dit dat die gemiddelde jare ondervinding van die respondente 5 jaar is. Van die respondente het 45,9% minder as vyf jaar ondervinding, 33,3% het tussen vyf en tien jaar ondervinding terwyl slegs 20,8% oor meer as tien jaar ondervinding beskik.

**Afdeling B: Algemene inligting aangaande die maatskappy**

Tabel 4.5 Tipe onderneming

| Tipe onderneming | F | % |
|---|---|---|
| Staalnywerheid | 2 | 4,16 |
| Bankwese | 2 | 4,16 |
| Versekering | 2 | 4,16 |
| Vervoerondernemings | 2 | 4,16 |
| Mynwese | 2 | 4,16 |
| Meubelbedryf | 2 | 4,16 |
| Klerebedryf | 2 | 4,16 |
| Kettingwinkels | 2 | 4,16 |
| Siviele ingenieurswese | 2 | 4,16 |
| Rekenmeestersfirmas | 2 | 4,16 |
| Voedselbedryf | 2 | 4,16 |
| Diensorganisasies | 2 | 4,16 |
| Totaal | 24 | 100% |

As respondente is twee uit elke groep van bogenoemde tipe ondernemings gekies. Omdat dit nie prakties uitvoerbaar is om die hele privaatsektor in die provinsie by hierdie navorsing te betrek nie, is van selektiewe steekproefneming gebruik gemaak. Ten einde steekproefgeldigheid te verseker, is die respondente gekies uit die grootste en bekendste werkverskaffers in die Gautengprovinsie.

Tabel 4.6 Hoeveelheid mense in diens van die onderneming

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| 500 - 1000 | 5 | 20,8 |
| 1001 - 2000 | 2 | 8,3 |
| 2001 - 3000 | 2 | 8,3 |
| 3001 - 4000 | 0 | 0 |
| 4001 - 5000 | 0 | 0 |
| meer as 5000 | 15 | 62,6 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.6 blyk dit dat die meerderheid maatskappye (62,6%) meer as 5000 mense in diens het. Dit blyk dus dat die menslike hulpbrondepartemente 'n groot hoeveelheid mense hanteer.

Tabel 4.7 Omgewing waarin die onderneming geleë is

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Landwyd | 23 | 95,9 |
| Wesrand | 1 | 4,1 |
| Totaal | 24 | 100% |

Feitlik al die maatskappye wat betrek is by die ondersoek, het takke landwyd. Die inligting wat bekom is, is dus nie net van toepassing op sekere streke nie. Die meerderheid van die maatskappye (95,9%) funksioneer nasionaal.

**Afdeling C: Opvattings oor skoolverlaters**

Tabel 4.8 Gereeldheid van indiensneming van skoolverlaters

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Soos vakatures ontstaan | 12 | 50,0 |
| Nooit | 1 | 4,1 |
| Selde | 5 | 20,9 |
| Gereeld | 6 | 25,0 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.8 blyk dit dat die helfte van die respondente (50%) skoolverlaters in diens neem soos vakatures ontstaan en uit die onderhoude is afgelei dat dit gebeur slegs indien die poste nie intern gevul kan word nie. Ses van die respondente het aangedui dat hulle gereeld skoolverlaters in diens neem. Een van die respondente wat gereeld skoolverlaters in diens neem, het in die onderhoud genoem dat skoolverlaters reeds terwyl hulle nog op skool is, in diens geneem word om naweke en vakansies te werk. Kandidate word noukeurig geselekteer en daarom kry hierdie tydelike werknemers voorkeur vir permanente indiensneming wanneer hulle by skoolverlating aansoek sou doen vir vakante poste.

Tabel 4.9 Besonderhede aangaande 'n spesifieke beleid ten opsigte van indiensneming van skoolverlaters

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Geen beleid | 9 | 37,5 |
| Het wel 'n spesifieke beleid | 13 | 54,2 |
| Geen kommentaar | 2 | 8,3 |
| Totaal | 24 | 100% |

Tabel 4.9 dui daarop dat die meerderheid maatskappye (54,2%) wel 'n spesifieke beleid volg ten opsigte van indiensneming. Heelwat respondente (37,5%) het geantwoord dat die maatskappy geen spesifieke beleid volg ten opsigte van indiensneming van skoolverlaters nie en 8,3% wou nie kommentaar lewer nie.

Tabel 4.10 Produktiwiteit van skoolverlaters by indiensneming

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Geen probleme met skoolverlaters | 5 | 20 |
| Benodig opleiding voor produktief | 11 | 45,9 |
| Skoolverlaters is ongemotiveerd/ negatiewe houding | 3 | 12,5 |
| Geen kommentaar | 5 | 20,8 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.10 blyk dit dat heelwat respondente (45,9%) van mening is dat skoolverlaters eers opleiding moet onder-

gaan alvorens hulle produktief aangewend kan word. Voorts het 20,8% van die respondente verkies om geen kommentaar te lewer nie, terwyl 12,5% meen dat skoolverlaters ongemotiveerd is en 'n negatiewe houding openbaar. Voorgenoemde korreleer met die inligting in tabel 4.11, waar 23,05% van die respondente aangedui het dat hulle 'n probleem ervaar met die persoonlikheidsontwikkeling van skoolverlaters.

Tabel 4.11 Die akademiese kwaliteit van skoolverlaters

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Vakinhoud is irrelevant | 2 | 7,7 |
| Nie tevrede met kwaliteit van Wiskunde en Wetenskap | 2 | 7,7 |
| 'n Probleem met taalvaardigheid van skoolverlaters | 4 | 15,4 |
| Nie 'n probleem met akademiese kwaliteit, maar wel met persoonlikheidsontwikkeling | 6 | 23,05 |
| 'n Probleem met akademiese kwaliteit van sekere skole | 4 | 15,4 |
| 'n Probleem met die vakkeuse van skoolverlaters | 2 | 7,7 |
| Geen kommentaar | 6 | 23,05 |
| Totaal | 26 | 100% |

Uit Tabel 4.11 blyk dit dat die respondente nie 'n probleem het met die akademiese kwaliteit van skoolverlaters as sulks nie, maar met verwante kwaliteite soos taalvaardigheid (15,4%) en persoonlikheidsontwikkeling (23,05%).

Sommige respondente het 'n probleem met die akademiese kwaliteit van sekere skole (15,4%) en ander met die van sekere vakke soos Wiskunde en Wetenskap (7,7%). Die vakkeuse van leerlinge is ook 'n bron van kommer (7,7%). Drie-en twintig respondente (5%) het verkies om geen kommentaar te lewer nie.

Tabel 4.12 Voorkeur aan enige spesifieke tipe skool se leerlinge

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Ja | 6 | 25 |
| Soms | 3 | 12,5 |
| Nee | 15 | 62,5 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.12 blyk dit dat die meerderheid respondente (62,5%) nie voorkeur gee aan enige spesifieke tipe skool se leerlinge nie. Die respondente wat wel voorkeur gee aan 'n spesifieke tipe skool se leerlinge, is hoofsaaklik tegnies van aard en gee daarom voorkeur aan leerlinge uit 'n tegniese skool (vergelyk tabel 4.13).

Tabel 4.13 Redes waarom voorkeur gegee word aan spesifieke tipe skool se leerlinge

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Onderrig is beroepsgerig | 6 | 25 |
| Sekere skole se akademiese kwaliteit is beter as ander | 3 | 12,5 |
| Totaal | 9 | 37,5 |

Die respondente (37,5%) wat meen dat onderwys in sekere skole beroepsgerig is, is hoofsaaklik tegnies van aard. Die ander respondente (62,5%) gee nie voorkeur aan enige spesifieke skool se leerlinge nie.

**Afdeling D: Betrokkenheid by onderwys**

Tabel 4.14 Mate waarin die maatskappy tans betrokke is by onderwys

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Glad nie | 4 | 16,7 |
| Beurse aan kinders van werknemers | 5 | 20,9 |
| Projekte by skole | 15 | 62,5 |
| Sillabusformulering | 4 | 16,7 |
| Nasionale Opleidingsraad | 2 | 8,3 |
| Beurse aan publiek | 3 | 12,5 |
| Totaal | 33 | 137,6 |

Uit Tabel 4.14 blyk dit dat sommige maatskappye op meer as een terrein betrokke is vandaar die totaal wat meer as 100% is. Dit blyk dat die meeste respondente (83,3%) wel

op een of ander wyse betrokke is by onderwys veral ten opsigte van finansiële bystand in die vorm van beurse.

Tabel 4.15 Maatskappye se voorgenome betrokkenheid word soms in die wiele gery

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Ja | 5 | 20.9 |
| Soms | 0 | 0 |
| Nee | 19 | 79,1 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.15 blyk dit dat die meerderheid respondente (79,1%) nie probleme ervaar met betrokkenheid in die onderwys nie.

Tabel 4.16 Wyses waarop voorgenome betrokkenheid in die wiele gery word

| Antwoord | F | % |
|---|---|---|
| Kry geen reaksie van onderwysinstellings nie | 5 | 20,9 |
| Totaal | 5 | 20,9 |

Die 5 (20,9%) respondente wat positief geantwoord het op vraag 15, het beweer dat hulle geen reaksie kry van onderwysinstellings nie.

Tabel 4.17 Vorme van betrokkenheid wat beplan word vir die nabye toekoms deur maatskappye wat tans nie betrokke is nie

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Beplan nie nou iets spesifiek nie | 2 | 50 |
| Kan nie nou hierop antwoord nie | 2 | 50 |
| Totaal | 4 | 100% |

Uit Tabel 4.17 blyk dit dat maatskappye wat tans nie betrokke is by onderwys nie, ook nie iets beplan waaroor respondente nou wil praat nie. Onsekerheid bestaan oor die transformasieproses wat huidiglik in die onderwys plaasvind en maatskappye verkies om eers te wag totdat duidelikheid bestaan oor die funksionering van die onderwysstelsel.

**Afdeling E: Menings oor en verwagtinge van die onderwys**

Tabel 4.18 Persepsies oor die aard van die onderwys wat tans in die land aangebied word

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Onderwys is te akademies | 8 | 33,3 |
| Onderwys is irrelevant | 7 | 29,2 |
| Sekere vakinhoude is te akademies | 4 | 16,7 |
| Verkeerde onderrigmetodes | 4 | 16,7 |
| Inhoud is ontoepaslik | 4 | 16,7 |
| Standaard van onderwys is onbevredigend | 5 | 20,8 |
| Beroepsvoorligting moet meer aandag geniet in skole | 4 | 16,7 |
| Vereis 'n sekere vlak van vaardigheid wat tans ontbreek | 2 | 8,3 |
| Geen probleme met onderwys | 1 | 4,1 |
| Totaal | 39 | 162,5 |

Respondente kon op meer as een antwoord reageer wat meebring dat daar meer persepsies is as wat die aantal respondente is en dat die persentasie hoër as 100% is. 'n Wye verskeidenheid antwoorde is ontvang wat ook aanbeveel word vir implementering in die onderwysstelsel, soos dat beroepsvoorligting meer aandag moet geniet in skole en dat meer klem geplaas moet word op die aanleer van vaardighede. Dit blyk dat slegs 'n geringe aantal respondente (4.1%) geen probleme ervaar met die huidige aard van onderwys nie.

Tabel 4.19 Verwagtinge van 'n ideale onderwysstelsel

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Onderwys moet praktykgerig wees | 7 | 29,2 |
| Kreatiewe denke moet gestimuleer word | 6 | 25,0 |
| Inhoud moet meer relevant wees | 8 | 33,3 |
| 'n Ander onderrigstyl moet gebruik word | 7 | 29,2 |
| Loopbaanvoorligting moet uitgebrei word | 5 | 20,9 |
| Wetenskap en Wiskunde moet meer aandag kry | 3 | 12,5 |
| Kommunikasievaardighede moet onderrig word | 4 | 16,7 |
| Wyer vakkeuses word aanbeveel | 1 | 4,1 |
| Totaal | 41 | 170,9 |

Net soos in Tabel 4.18 het respondente ook op vraag 19 meer as een antwoord gehad. Die navorser is van mening dat hierdie antwoorde van die respondente moontlik tot verdere navorsing kan lei. Dit blyk dat verdere navorsing moontlik kan aandag gee aan die onderrigstyl waarmee heelwat respondente (29,2%) 'n probleem het. Inligting in die onderhoude bekom dui daarop dat heelwat skoolverlaters nie weet watter beroep hulle wil beoefen nie. Die feit word ondersteun deur die 20,9% respondente wat meen dat loopbaanvoorligting uitgebrei moet word.

Tabel 4.20 Respondente wat veranderinge sou wou aanbeveel vir die huidige onderwysstelsel gegewe die realiteite in die land

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Ja | 19 | 79,2 |
| Nee | 5 | 20,8 |
| Totaal | 24 | 100% |

Uit Tabel 4.20 blyk dit duidelik dat die meerderheid respondente (79,2%) veranderinge in die onderwys sou wou sien plaasvind.

Tabel 4.21 Veranderinge wat ten opsigte van die onderwys aanbeveel word

| Antwoorde | F | % |
|---|---|---|
| Onderwys moet meer praktykgerig wees | 4 | 16,7 |
| Kreatiewe denke moet gestimuleer en ontwikkel word | 2 | 8,3 |
| Inhoud moet meer relevant wees | 2 | 8,3 |
| Onderrigstyl moet verander | 3 | 12,5 |
| Meer aandag moet aan loopbaanvoorligting gegee word | 2 | 8,3 |
| Wiskunde en Wetenskap moet meer aandag geniet | 2 | 8,3 |
| Leerlinge moet toegerus word met kommunikasievaardighede | 4 | 16,7 |
| Twee rigtings word voorgestel: een meer beroepsgerig en die ander akademies | 2 | 8,3 |
| KoÖperatiewe onderwys word bepleit - leerlinge moet werkservaring opdoen | 2 | 8,3 |
| Konseptuele vaardighede moet ontwikkel word | 6 | 25,0 |
| Die aanbevelings van die Nasionale Opleidingsraad moet aanvaar word | 1 | 4,1 |
| Totaal | 30 | 124,8 |

Uit Tabel 4.19 en Tabel 4.21 blyk dit dat heelwat van die verwagtinge wat respondente van 'n ideale onderwysstelsel het, ook aanbeveel word vir veranderinge in die huidige onderwysstelsel soos dat onderwys meer praktykgerig moet wees (16,7%), dat inhoud meer relevant moet wees (8,3%), kommunikasievaardighede moet ontwikkel word (25%) en dat die onderrigstyl moet verander (12,5%). 'n Geringe persentasie (8,3%) respondente bepleit koöperatiewe onderwys.

## 4.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gewy aan 'n beskrywing van die empiriese ondersoek. 'n Bespreking is gegee van die doel van die empiriese ondersoek. Die keuse van 'n ondersoekmiddel is van naderby beskou. Die persoonlike onderhoud as empiriese navorsingsmetode het vervolgens aandag geniet. Die populasie is bespreek waarna op die vraelys gefokus is. Ten slotte is 'n ontleding gegee van die inligting verkry tydens die onderhoude.

In hoofstuk 5 sal 'n samevatting van die inligting wat deur middel van die onderhoude bekom is, gegee word. Daarna sal aanbevelings na aanleiding van die navorsing gemaak word.

# HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING, BEVINDINGS EN AANBEVELINGS

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word eerstens 'n samevatting gegee van die belangrikste aspekte wat in hierdie navorsing ondersoek is. Tweedens word bevindinge met betrekking tot die navorsingsdoelwitte gegee, naamlik:

* om vas te stel wat beroepsgerigte onderwys behels;

* om te bepaal watter voorsiening tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir beroepsgerigte onderwys gemaak word;

* om vas te stel wat die opvattings van bedryfsleiers in die Gautengprovinsie is oor die paraatheid van skoolverlaters vir toetrede tot die arbeidsmark en wat hul verwagtinge in die verband is;

* aanbevelings te maak ten opsigte van die voorsiening van beroepsgerigte onderwys in die RSA.

Derdens word aanbevelings gemaak op grond van inligting wat uit die literatuurstudie bekom is, asook bevindings wat na aanleiding van die empiriese ondersoek gemaak

is.

## 5.2 SAMEVATTING

In hoofstuk 1 is agtergrondgegewens in verband met die probleemstelling verskaf en is die doel met die navorsing gestel en die navorsingsmetode is bespreek.

Hoofstuk 2 het bestaan uit 'n literatuurondersoek na die wesensaard van beroepsgerigte onderwys en begripsverklarings van beroepsonderwys, beroepsgerigte onderonderwys, loopbaanonderwys en loopbaangerigte onderwys.

In hoofstuk 3 is gekyk na beroepsgerigte onderwys in Suid-Afrika. 'n Kort historiese oorsig van die voorsiening van beroepsgerigte onderwys is gegee, waarna gekyk is na die kurrikulum vir beroepsgerigte onderwys. Die vraag na hierdie tipe onderwys in Suid-Afrika is ook bespreek.

Die empiriese ondersoek wat vir hierdie navorsing onderneem is, asook die resultate daarvan, is in hoofstuk 4 bespreek.

## 5.3 BEVINDINGE

### 5.3.1 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 1

Met betrekking tot navorsingsdoelwit 1 (vergelyk 1.3), naamlik om vas te stel wat beroepsgerigte onderwys behels, is die volgende bevind:

- Beroepsgerigte onderwys is onderwys wat die opvoedeling voorberei in 'n bepaalde beroepsrigting, maar nog steeds ruimte laat vir 'n groot verskeidenheid beroepe in die gekose rigting.

- Beroepsgerigte onderwys is gerig op toekomstige werksgeleenthede.

- Beroepsgerigte onderwys berei leerlinge voor vir 'n bepaalde beroepsrigting, nie vir 'n bepaalde beroep nie.

- Beroepsgerigte onderwys kan die uitdagings van die tegnologiese era die hoof bied.

- Beroepsgerigte onderwys het as hoofdoel die voorsiening in die mensekragbehoeftes van die land.

- Beroepsgerigte onderwys vereis dat veranderinge in die onderwysstelsel vinniger moet plaasvind.

- Beroepsgerigte onderwys op tersiêre vlak, gaan hand aan hand met koöperatiewe onderwys.

- Die inhoud van beroepsgerigte onderwys word vanuit die werklikheid geselekteer.

- Beroepsgerigte onderwys vereis voortdurende herkurrikulering.

- Beroepsgerigte onderwys stel andersoortige eise aan onderwysersopleiding as akademiese onderwys.

- Beroepsgerigte onderwys kan dien as teenvoeter vir die negatiewe houding van die gemeenskap jeens beroepsonderwys.

- Beroepsgerigte onderwys is duurder as ander vorme van onderwys.

- Beroepsgerigte onderwys kan ekonomiese groei bevorder.

### 5.3.2 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 2

Ten opsigte van navorsingsdoelwit 2 (vergelyk 1.3), naamlik om te bepaal watter voorsiening tans in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel vir beroepsgerigte onderwys gemaak word, is die volgende bevind:

- Verskeie maatskappye asook nie-regeringsorganisasies is by die voorsiening van beroepsgerigte onderwys in die nie-formele onderwyssektor betrokke.

- Heelwat maatskappye is ook betrokke by die voorsiening van formele en nie-formele beroepsgerigte onderwys by verskeie skole en technikons. 'n Bespreking daarvan is in hoofstuk 3 gegee (vergelyk 3.2.2.2).

### 5.3.3 Bevindinge met betrekking tot navorsingsdoelwit 3

Met betrekking tot navorsingsdoelwit 3 (vergelyk 1.3), naamlik om vas te stel wat die opvattings van bedryfsleiers in die Gautengprovinsie is oor die paraatheid van skoolverlaters vir toetrede tot die arbeidsmark, en wat hul verwagtinge in die verband is, is die volgende bevind:

### 5.3.3.1 Opvattings van bedryfsleiers in die Gautengprovinsie ten opsigte van onderwys in die RSA

* Sommige werkgewers heg meer waarde aan persoonlikheidsontwikkeling en leervermoë van die skoolverlater as aan akademiese kwalifikasies. Daar word gebruik gemaak van psigometriese toetse om persoonlikheidseienskappe en leervermoë te toets en op grond hiervan word aanstellings gemaak.

* Sommige werkgewers het nie 'n probleem met die akademiese kwaliteit van die skoolverlater nie, maar wel met die persoonlikheidsontwikkeling. Volgens werkgewers ondervind sommige skoolverlaters by indiensneming probleme om in groepsverband binne die werksituasie te funksioneer.

* Volgens werkgewers is simbole op matrieksertifikate in sommige gevalle nie 'n korrekte weergawe van die leerling se vermoë nie. Wanneer persone na indiensneming aan dieselfde opleiding blootgestel word, is die vordering van persone met gemiddelde matrieksimbole net so goed of soms beter as die van persone met bogemiddelde matrieksimbole omdat die

persoon homself of haarself probeer bewys.

* Werkgewers is nie tevrede met die vaardighede waaroor skoolverlaters beskik nie. Veral taalvaardigheid en kommunikasievaardighede is 'n groot bron van kommer. Sommige respondente is van mening dat heelwat skoolverlaters 'n goeie simbool vir Engels behaal het, maar nie oor kommunikasievaardighede in die taal beskik nie.

* Sommige maatskappye ondervind probleme met die persepsie van akkuraatheid. Op skool word die leerling geprys vir prestasies van 80% of meer. Dit word as besonder goed beskou en die indruk word geskep dat dit goed genoeg is. In werksverband is 80% akkuraatheid onaanvaarbaar. Net een klein foutjie kan lei tot konflik in die werksituasie of tot die verlies van heelwat mensekragure. Net een honderd persent akkuraatheid is aanvaarbaar en goed genoeg. Werkgewers moet dus by indiensneming die nuwe aanstellings eers heroriënteer in hierdie verband.

* Sommige werkgewers is van mening dat daar nie soseer 'n probleem is met die akademiese kwaliteit

van die skoolverlater nie as met die vakke wat deur leerlinge gekies word. Te veel skoolverlaters doen aansoek vir werk met vakke soos Geskiedenis en Bybelkunde wat waardeloos is in die bedryf en industrie. Te min skoolverlaters het Wiskunde en Wetenskap as vakke terwyl veral Wiskunde deur die meeste werkgewers vereis word.

* Industrieë en myne wat vakleerlinge inneem, gee voorkeur aan skoolverlaters van tegniese skole.

**5.3.3.2 Verwagtinge van bedryfsleiers in die Gautengprovinsie ten opsigte van onderwys in die RSA**

* Onderwys moet meer praktykgerig wees.

* Kreatiewe denke moet meer gestimuleer en ontwikkel word.

* Vakinhoude moet meer relevant wees.

* Die onderrigstyl in skole moet verander.

* Meer aandag moet aan loopbaanvoorligting gegee

word.

* Wiskunde en Wetenskap moet meer aandag kry.

* Leerlinge moet toegerus word met kommunikasievaardighede.

* Voorsiening moet gemaak word in skole vir 'n akademiese rigting **en** 'n beroepsgerigte rigting.

* Leerlinge moet die geleentheid kry om werkservaring op te doen.

* Daar moet 'n vennootskapsverhouding tussen onderwys en die bedryf en industrie gehandhaaf word.

* Konseptuele vaardighede moet by leerlinge ontwikkel word.

* Die aanbevelinge van die Nasionale Opleidingsraad moet ook in sekondêre skole aanvaar word.

## 5.4 AANBEVELINGS

### 5.4.1 Aanbevelings voortvloeiend uit die navorsing

Aanbeveling 1:

Op skool behoort leerlinge 'n wyer vakkeuse gebied te word.

Motivering:

Respondente verwag van 'n ideale onderwysstelsel om aan die leerling meer vakrigtings te bied waarbinne meer relevante vakke ingesluit is om van te kies (vergelyk Tabel 4.19).

Aanbeveling 2:

Beter georganiseerde beroepsvoorligting moet aan leerlinge inligting verskaf oor 'n wye verskeidenheid beroepsmoontlikhede in die verskillende vakrigtings. Spesialiste uit die sakewêreld kan betrek word by die aanbieding van beroepsvoorligting in skole.

Motivering:

Sommige respondente beweer dat skoolverlaters dikwels kom aansoek doen vir werk, maar nie die vaagste benul het vir watter tipe werk hulle wil aansoek doen nie.

Respondente beweer voorts dat persone soms 'n bepaalde beroepsrigting volg bloot omdat hulle nie kennis dra van die groot verskeidenheid beroepe wat bestaan nie. Dikwels vind mense eers later in hul lewens uit van 'n beroep waarin hulle dan meer belang stel, maar sien dan nie kans om weer van vooraf met 'n nuwe loopbaan te begin nie. Dit kan moontlik tot beroepsfrustrasie lei wat oorgedra word na die gesin (vergelyk Tabel 4.18 en Tabel 4.19).

Heelwat respondente het hulleself bereid verklaar om betrokke te raak by die aanbieding van beroepsvoorligting in skole.

Aanbeveling 3:
Meer aandag moet aan die onderrig van Wiskunde en Wetenskap gegee word. Meer periodes moet op skoolroosters vir hierdie twee vakke ingeruim word vanweë die moeilikheidsgraad van hierdie vakke.

Motivering:
Tans word daar hoë tegnologiese eise gestel in die werksituasie wat meebring dat hierdie twee vakke van uiterste belang is. Van die werkgewers het aanbeveel

dat hierdie vakke vir alle leerlinge verpligtend gemaak word (vergelyk Tabel 4.21).

Aanbeveling 4:
Onderwysowerhede moet besin oor die moontlikheid van koördinasie tussen vakke, veral met betrekking tot die opstel van sillabusse.

Motivering:
Leerlinge moet leer om gebeure as deel van 'n geheel te sien en nie as losstaande gebeure nie. Sommige respondente het aanbeveel dat sillabusse so gesinchroniseer behoort te word dat die geografie van Afrika in Aardrykskunde byvoorbeeld op dieselfde tyd behandel moet word as die geskiedenis van Afrika in die Geskiedenisklas (vergelyk Tabel 4.18).

### 5.4.2 Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

Met betrekking tot navorsingsdoelwit 4 (vergelyk 1.3), word die volgende aanbevelings gemaak ten opsigte van die voorsiening van beroepsgerigte onderwys in die RSA:

Aanbeveling 1:

Verdere navorsing behoort gedoen te word oor die betrokkenheid van die privaatsektor by die opstel van skoolkurrikula.

Motivering:

Dit blyk dat heelwat respondente verwag dat onderwys meer relevant en praktykgerig moet wees. Sommige het ook hul bereidwilligheid verklaar om betrokke te wees by die opstel van kurrikula ten einde te verseker dat vakinhoud meer relevant is (vergelyk Tabel 4.18 en Tabel 4.19).

Aanbeveling 2:

Daar word aanbeveel dat navorsing gedoen word oor die standaard van onderwys in die nuwe Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.

Motivering:

Daar is gevind dat heelwat kommer heers oor die standaard van onderwys in die RSA. Die verwagting is dat 'n ideale onderwysstelsel dieselfde standaard in alle skole sal handhaaf en dat die standaard internasionaal

erken sal word (vergelyk Tabel 4.18).

Aanbeveling 3:

Hoewel daar die afgelope tyd heelwat geskryf is oor die bevordering van kreatiewe denke, is die bevordering van kreatiewe denke en entrepreneurskap in die onderwys 'n onderwerp waaroor meer navorsing gedoen kan word.

Motivering:

Nywerhede en die bedryf verwag dat die ideale onderwys kreatiewe denke en entrepreneurskap sal bevorder, veral met die oog op werkskepping in die toekoms (vergelyk Tabel 4.19).

Aanbeveling 4:

In samehang met aanbeveling 3, word voorgestel dat verdere navorsing gedoen word oor onderrigstyle wat kreatiewe denke en entrepreneurskap bevorder.

Motivering:

Nywerhede en die bedryf meen dat die huidige onderrigstyle nie bydrae tot die bevordering van kreatiewe denke en entrepreneurskap nie (vergelyk Tabel 4.19).

## 5.5 SLOT

Beroepsgerigte onderwys is relevante onderwys wat die opvoedeling voorberei in 'n bepaalde beroepsrigting, maar nog steeds ruimte laat vir 'n groot verskeidenheid beroepe in die gekose rigting. Die besondere ekonomiese en mensekragbehoeftes, asook die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika, bring juis 'n behoefte mee aan relevante onderwys. Die behoefte word verwoord in die verwagtinge van nywerhede en die bedryf ten opsigte van meer relevante en praktykgerigte onderwys. Die ideaal wat gestel word deur nywerhede en die bedryf, is dat onderwys kreatiewe denke en entrepreneurskap sal bevorder met die oog op werkskepping in die toekoms.

In die lig daarvan dat die privaatsektor die verbruiker is van die eindproduk van die onderwysstelsel, is navorsing wat soek na moontlike redes vir die hoë werkloosheidsyfer in die land van belang vir elke potensiële werknemer. Verdere navorsing behoort gedoen te word oor die feit dat daar in sekere beroepe nog steeds tekorte bestaan en oor sommige maatskappye se bewerings dat hulle genoodsaak is om kundiges vanuit die buiteland in diens te neem.

**BIBLIOGRAFIE**

AFRICAN NATIONAL CONGRESS. 1994. A policy framework for education and training. Draft : for discussion purposes only. ANC Discussion Department. Jan.

ANC
kyk
AFRICAN NATIONAL CONGRESS.

ANON. 1983. Vocational education. (In The new encyclopedia Britannica. Micropaedia,10:480.)

ANON. 1984. Education handicaps training progress. S.A.training,2(1):3.

ANON. 1989. Beroepsgerigte onderwys - 'n wenresep. Die Vrystaatse onderwyser,79(6):12-17,Junie.

ARDINGTON, L. 1991. Education for all. Indicator SA, 8(2):79-82,Autumn.

ARNDT, R. 1992. Navorsing vir die toekoms. Fokus bulletin:14-15,Jan/Feb.

AUCAMP, J.H. 1987. Ingenieurstegnologie-onderwys as deel van die beroepsgerigte onderwysprogram in die sekondêre skool. Education bulletin,31(3):36-46,Sept.

BADAT, S. 1991. Reformist strategies in black tertiary education since 1976. (In Unterhalter, E., Wolpe, H., Botha, T., Badat, S., Dlamini, T. & Khotseng, B. Apartheid education and popular struggles. Johannesburg : Ravan Press. p73-94).

BADENHORST, D.C. 1989. Enkele gedagtes oor die relevansie van die onderwys in die RSA. South African journal of education,9(3):413-417.

BADENHORST, P.J. 1990. Herstrukturering van opleidingstelsels nodig (Toespraak by die openingsplegtigheid van die akademiese jaar aan die Vaal Driehoek Technikon) Tempo,1:14

BECKER, L.C. 1989. Didactics:business economics. Pretoria : De Jager.

BEHR, A.L. 1978. New perspectives in South African education. Reprinted with supplement, Durban : Butterworths.

BEHR, A.L. 1984. New perspectives in South African education. Durban : Butterworths.

BEHR, A.L. 1988. Education in South Africa- origins, issues and trends:1652-1988. Cape Town : Academia.

BENDIX, S. 1992. Industrial relations in South Africa. Cape Town : Juta.

BERGINS, W.J. 1975. Beroepsgerigte en beroepsonderwys as aspekte van die onderwysprogram in die ontwikkelende kleurlinggemeenskap:'n sosiopedagogiese verkenning. Universiteit van Wes-Kaapland. (Proefskrif-D.Ed)

BERKHOUT, S.J. 1988. Manpower approach to the provision of education: a new educational route to Utopia? South African journal of education,9(1):13-21.

BERKHOUT, S.J. 1989a. Gelyke onderwysgeleenthede: 'n analise van enkele benaderingswyses. South African journal of education,9(3):417-427.

BERKHOUT, S.J. 1989b. Manpower Approach to the provision of education:a new educational route to Utopia? South African journal of education,9(1):13-19.

BETHLEHEM, R.W. 1988. Economics in a revolutionary society. Goodwood : National Book Printers.

BEUKES, J.H. 1976. Skoolvoorligting in Wes-Duitsland. Pretoria : RGN (Instituut vir Opvoedekundenavorsing).

BEUKES, J.H. 1988. Faktore wat die vraag na technikononderwys beïnvloed met spesiale verwysing na verandering in die vraag na mannekrag. Pedagogiekjoernaal,3:17-27.

BISSCHOFF, T.C. 1986. Co-operative education. (In Kruger, E.G. ed, Education - past, present and future. Pretoria : Euro Publications. p.156-157).

BOT, M. 1991. The link between the education system and the labour market. Educamus,37(8):16-18,Oct.

BOTHA, D.E. 1986. 'n Didakties-pedagogies ondersoek na die ontwerp van 'n kurrikulum vir tegniese beroepsonderwys in die sekondêre skoolfase binne die konteks van loopbaanonderwys. Port Elizabeth : Universiteit van Port Elizabeth. (Tesis-D.Ed.)

BUCK, L.L. & BARRICK, R.K. 1987. They're trained, but are they employable? Vocational educational journal,29-31,Aug.

BUITENDACHT, A.J.H. 1992. Beroepsonderwys se besondere rol. Tempo,92(1):11-12.

BURGER, L.B. 1981. Differensie, Integrasie en kontinuïteit as riglyne vir die onderwysstelsel van die swart volke van SWA/Namibië, met besondere verwysing na beroepsgerigte onderwys. Pretoria : Unisa. (Verhandeling - M.Ed.).

CALITZ, L.P. 1986. Onderwysvoorsiening vir die nie-formele onderwyssektor en die implikasies daarvan vir onderwysbestuur Educare,15(1):7-18.

CANTOR, L. 1989. Vocational education and training in the developed world. New York : Routledge.

CENTRAL TRAINING UNIT. 1994. Prospectus. Anglo American Corporation : Corprint Network.

CHARLTON, R. 1993. The challenge of change. Sunday Times: 18,Oct.10.

CHED
kyk
SOUTH AFRICA. Committee of heads of education departments.

CHISHOLM, L. 1983. Redefining skills: black education in South Africa in the 1980's. Comparative Education.19(3):357-371.

CHISHOLM, L. 1988. Redefining skills: black education in South Africa in the 1980's. (In Kallaway, P., ed. 1988. Apartheid and education. Johannesburg : Ravan Press. p387-410.

CHRISTIE, P. & COLINS, C. 1988. Bantu education : apartheid ideology and labour reproduction. (In Kallaway, P., ed. 1988. Apartheid and education. Johannesburg : Ravan Press. p.160-183.)

CLARKE, C. & KENNEDY, S. 1994/1995. Talking to Transnet, 1994/1995. Randburg : Rail link communication.

COETZEE, J.Chr. 1941. Onderwys in Transvaal 1838-1937. Pretoria : Van Schaik.

COETZEE, J.Chr. 1963. Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960. Pretoria : Van Schaik.

COETZEE, J.Chr. 1975. Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960. Pretoria : Van Schaik.

CONTOGIANNIS, E. & PETER, J.R. 1988. The effect of education on income in the third world. Economics,2(2):68-70.

CTU
kyk
CENTRAL TRAINING UNIT

DAVIES, J. 1988. Capital, state and educational reform in South Africa. (In Kallaway., ed. Apartheid and education. Johannesburg : Ravan Press. p341-370.)

DE JAGER, D.K. 1989. Tegnologies-funksionele era en die wyse waarop die onderwys daardeur beïnvloed word. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,9(3):434-443.

DEKKER, E.I. & LEMMER, E.M. 1993. Critical issues in modern education. Durban : Butterworths.

DEPARTEMENT van mannekrag
kyk
SUID-AFRIKA. Departement van mannekrag.

DEPARTEMENT van Nasionale Opvoeding
kyk
SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding.

DEPARTMENT of National Education
kyk
SOUTH AFRICA. Department of National Education.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. Durban : Butterworths.

DE WET, J.J. 1993. Onderwys - Die sleutel tot ekonomiese groei. Tempo,1:10.

DU PLESSIS, W.S. 1992. Oorwegings by die formulering van 'n moderne vennootskapstrategie vir Suid-Afrikaanse onderwys. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,13(2):74-80.

DU PLESSIS, W.S. 1993. Die koöperatiewe onderwysstrategie SATHO,7(3):57-60.

DU TOIT, P.S. & NELL, W.L. 1982. Onderwys in Kaapland 1652-1980. Pretoria : Van Schaik.

DU TOIT VISSER, C.J. 1990. Onderwys in Suid-Afrika. Voorlegging aan die komitee van onderwysdepartementshoofde oor 'n vernuwingstrategie vir onderwysbestuur in Suid-Afrika. Julie 1990. Pretoria : Staatsdrukker.

EICHER, Jean-Claude. 1986. The Paper qualification syndrome and unemployment of school-leavers in Western-Africa The challenge of employment and basic needs in Africa. Essays in honour of Shyam B.L. Nigam and to mark the tenth anniversary of JASPA. Nairobi : Oxford University Press.

EKSTEEN, F.R.L.N. 1990. Wanbalans in arbeidsmark moet oorkom word. Tempo,1:7.

ELY, M. ed. 1991. Doing qualitative research:circles within circles. London : The Falmer Press.

ENCLYCLOPEDIA BRITANNICA. 1983. Chicago : Helen Hemingway Benton Publisher. Vol. X.

ENGELBRECHT, A.P. 1993. Uittreepunte as skakelingsmeganismes tussen die formele en nie-formele onderwys en opleidingsinstansies. Potchefstroom:P.U. vir CHO. (Verhandeling-M.Ed.)

ENGELBRECHT, C.S. 1992. Onderwys tot saamleef in Suid-Afrika. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,12(3): 266-270.

ENGELBRECHT, S.W.H. 1988. Educational strategies for the future. (In Marais, H.C. ed. South Africa : perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess Publishers. p.145-170).

ENGELBRECHT, S.W.H. 1989. Beginsels vir onderwysvoorsiening in die RSA: F. van der Stoep se bydrae. Pedagogiekjoernaal,10(2):34-52.

ENGELBRECHT, S.W.H. & NIEWENHUIS, F.J. 1988. Onderwysstrategieë vir die toekoms. (In Marais, H.C. red. Suid-Afrika: perspektiewe op die toekoms. Hillcrest : Owen-Burgers Uitgewers.p.163-188.)

EURICH, N.P. 1990. The learning industry. New Jersey : Princeton university press.

FLUDE, R. & PARROTT, A. 1979. Education and the challenge of change. England : Open university press.

GARBERS, J.G. 1991. Onderwysvernuwingstrategieë vir die RSA. Pedagogiekjoernaal,13(1):34-41.Sept.

GEGGUS, C. 1986. University training and career opportunities. HSRC - guidance series GS-5. (Report MM-115).

GOUS, F. 1992. Mense staan tou vir werk. Sake Rapport:1, Jan. 12.

HARTSHORNE, K. 1992. Crisis and challenge. Cape Town: Oxford university press.

HAT
kyk
ODENDAAL, F.F., red.

HOëRSKOOL DRIEHOEK. 1995. Inligtingstuk - Hotelskool. Vanderbijlpark.

HOëRSKOOL OVERVAAL. 1995. Inligtingstuk. Vereeniging.

HOëRSKOOL WAGPOS. 1994. Inligtingstuk. Brits.

HOFMEYER, M.B. 1990. Technikons onontbeerlik vir die toekoms. (Toespraak by funksie waar JCI geld aan Vaaldriehoek Technikon geskenk het vir die oprigting van nuwe geboue vir die skool vir meganiese ingenieurswese). Tempo,1:12.

HORRELL, M. 1970. The education of the coloured community in South Africa 1652 to 1970. Johannesburg:S.A.Institute of race relations.

HRD
kyk
NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION. 1992. Human Resources Development.

HSRC
kyk
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL.

HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 1981. Education system planning. Report of the work committee 5: Education system planning. Pretoria : Blitskôpie (Chairman : J.B.Haasbroek).

HURST, D.S. 1994. Teaching technology to teachers. Educational leadership,51(7):74-76,April.

JAMES, N. 1992. Education for unemployment. Productivity S.A. 18(2):41-48.May/June.

JOHN ORR HIGH SCHOOL. 1994. Prospectus, Johannesburg.

KALLAWAY, P. ed. 1984. Apartheid and education. Johannesburg : Ravan Press.

KALLAWAY, P. ed. 1988. Apartheid and education. Johannesburg : Ravan Press.

KIRSTEIN, L. 1992. Manne staan tou vir diensplig. Transvaler:19,Jan.14

KNOLL, L.B. 1990. More skilled people needed. Tempo, 2:10.

KODH
kyk
SUID-AFRIKA. Komitee van Onderwysdepartementshoofde.

KOMITEE VAN UNIVERSITEITSHOOFDE. 1991. Nuusbrief. ISSN-0250-021. Vol.4 Nov.

KRAAK, A. 1991. Making the hidden curriculum the formal curriculum:vocational training in South Africa. Comparative education review,35(3).406-429. Aug.

KRUGER, E.G. 1986. Technical education in the Republic of South Africa. (In Kruger, E.G. ed. Education - past, present and future. Pretoria:Euro Publications. p.180-204.

KUH
kyk
KOMITEE VAN UNIVERSITEITSHOOFDE.

LEE, R. 1985. Education and the future. I.A.C. journal: 13-14.April.

LIEBETRAU, J.P. 1982. Die mannekragsituasie in die huidige beroepswêreld en die implikasies daarvan vir die opleiding van beroepsoriënteurs. Pretoria:Universiteit van Pretoria (Verhandeling - M.Ed.)

LIVELY, K. 1994. Oregon colleges mesh reforms with schools. The chronicle of higher education,(8):18. June.

LOTTO, S.L. 1988. What about vocational education : A review of the evidence. Educational policy,2(3):265-268.

LUCAS, C.J. 1984. Foundations of education. New Jersey: Prentice-Hall.

MAHLANGU, D.M.D. 1987. Educational research methodology. Pretoria : De Jager.

MALAN, R. 1993. Daar is al hoe minder werk vir al hoe meer The Salstaff bulletin,10.Feb.

MARAIS, H.C. ed. 1988. South Africa : perspectives on the future. Pinetown : Owen Burgess.

MARSHALL, E. 1993. South Africa far behind in technical training. Tempo,1:11.

MATSI, O. 1995. Helping you to choose subjects. Sowetan: 16, Feb. 10.

MOSTERT, D.F. 1993. Werkgewers moet by onderwys-herstrukturering betrek word. Tempo,1:8.

MOSTERT, J.M. 1986. Riglyne vir kurrikulumontwikkeling. Pretoria : RGN. (Verslag 0-287).

MULLER, C.F.J. 1973. 500 Jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis. Pretoria : Academica.

NAIDOO, R. 1994. Building a financial services NGO from the grassroots. Development and democracy:21-24. April 7. Johannesburg : Development strategy and policy unit of the Urban Foundation.

NASIONALE OPLEIDINGSRAAD
kyk
NATIONAL TRAINING BOARD

NATED
kyk
SOUTH AFRICA. Department of National Education.

NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION. 1996. A framework for transformation. Discussion document. Pretoria. April.

NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION. 1992a. Adult basic education. Report of the NEPI adult basic education research group. Cape Town : Oxford University Press.

NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION. 1992b. Human resources development. Report of the NEPI human resources development research group. Cape Town : Oxford University Press.

NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION. 1992c. Post-secondary education. Report of the NEPI post-secondary research group. Cape Town : Oxford University Press.

NATIONAL TRAINING BOARD. 1994. A national training strategy initiative. A discussion document. Pretoria.

NCHE
kyk
NATIONAL COMMISSION ON HIGHER EDUCATION

NCOKO, O.H. 1992. Differentiation in the school system for Indians in the Republic of South Africa. Potchefstroom : P.U. vir C.H.O. (Verhandeling - M.Ed.)

NEL, A. 1990. Technikons onontbeerlik vir die toekoms. Tempo,1:12.

NEL, A. 1992. Technikons: a golden key to the future. Tempo,92(1):4.

NEL, A. 1993. Beroepsgerigte vaardighede moet hoër aangeslaan word. Tempo,(1):8

NEPI
kyk
NATIONAL EDUCATION POLICY INVESTIGATION

NGUBENTOMBI, S.V.S. 1989. Education in the Republic of Transkei. Cape Town : Academica.

NIEBUHR, G.A. 1985. Beroepsgerigte onderwys in 'n nuwe onderwysbedeling. Onderwys bulletin.29(1):28-40.

NIEBUHR, G.A. 1991. Beroepsgerigte onderwys in 'n nuwe onderwysbedeling. Educare,20(1 & 2):28-40.

NTSOANE, L. 1995. In support of N-Tvl school trust. Sowetan:10 Thursday, Feb. 9

O'DOWD, M. 1992. Education and growth. Spotlight,2:1-8, May.(S.A. Institutes of race relations).

ODENDAAL, F.F., red. 1988. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

PANSEGROUW, I. 1992. Die onderwysvernuwing gerig op loopbaanonderwys met die oog op indiensopleiding van die buitengewone onderwys perspektief gesien. Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys,136:21-23,Des.

POLLARD, A., PURVIS, J. & WALFORD, G. 1988. Education, training and the new vocationalism. Philadelphia : Open University Press.

POTGIETER, H.C. 1994. Loopbaanontwikkeling van onderwyspersoneel in die sekondêre skool as taak van die skoolhoof. Potchefstroom : PU vir CHO. (Skripsie - M.Ed.).

POWNEY, J. & WATTS, M. 1987. Interviewing in educational research. London : Routledge & Kegan Paul.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981a Onderwysvoorsiening in die RSA: Verslag van die hoofkomitee van die RGN-ondersoek na die onderwys. Pretoria. (Ondersoek na die onderwys, nr.1) (Voorsitter : J.P. de Lange).

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981b.
kyk
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL. 1981b.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1986. Riglyne vir kurrikulumontwikkeling. Pretoria. (Verslag 0-287.) (Voorsitter : J.M. Mostert.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1993. Die RGN register van gegradueerdes. Nuusbrief 27. Okt.

RGN
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING

ROGERS, B. 1984. Careers education and guidance. Cambridge : Hobsons.

ROSHNEE SECONDARY SCHOOL. 1994. Course selection. De Deur.

ROWNTREE, D. 1981. A dictionary of education. London : Harper & Row.

RUPERTI, R.M. 1977. Die onderwysstelsel in Suider-Afrika. Pretoria : Van Schaik.

SA
kyk
SUID-AFRIKA

SCHOONEES, P.C. red. 1970. Die Afrikaanse woordeboek. Pretoria : Staatsdrukker.

SMIT, P. 1991. Onderwys in Afrika. Tydskrif vir geesteswetenskappe,31(2):156-171,Junie.

SMITH, D. 1994. Sanlam launches R2-M programme for disadvantaged matriculants. Transvaal educational news,90(4):12, Dec.

SOUTH AFRICA. Department of National Education. 1988a. The structure and operation of the South African education system. Pretoria. 02/170 (88/04).

SOUTH AFRICA. Department of National Education. 1988b. Educational programmes for pre-tertiary education in South Africa. Pretoria. 02-124 (88/06).

SOUTH AFRICA. 1991. Education renewal strategy: discussion document. Committee of heads of education departments. Cape Town. 27. May.

SOUTH AFRICA. 1992. Report of the NEPI Human resources development research group. Cape Town : Oxford University Press.

SPIER, A. 1986. Towards a community based system of education. Privatisation position paper No. 3 Sept. Standpuntdokument. 5-22. SYNCOM;Fellside.

STAATSKOERANT
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek)

STEYN, H.J. 1991. Strukture van die onderwysstelsel. Potchefstroom : PU vir CHO.

STEYN, H.J., STEYN, Es C., DE WAAL, E.A.S. 1990. Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Potchefstroom : PU vir CHO.

STEYN, J. 1990a. Managing change in South Africa. Kaapstad: Tafelberg.

STEYN, J.C. 1993. 'n Evaluering van heersende en "relevante kurrikulumparadigmas in die lig van 'n nuwe onderwysbedeling vir Suid-Afrika. Onderwys- en opleidingstrategieë vir 'n nuwe onderwysbestel. (Referate gelewer by die drie-en-dertigste kongres van die opvoedkundevereniging van Suid-Afrika gehou op 13-15 Januarie 1993 by die Universiteit van Pretoria Pretoria. (Publikasiereeks van OVSA: nr.24).

STEYN, S.C. 1990b. Die onderwysstelsel as vervlegtingstruktuur - 'n kritiese evaluering. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling - M.Ed.).

STONE, H.J.S. 1993. Praiseworthy initiative by the Technikon. <u>Tempo</u>,1:9-10.

SUID-AFRIKA. 1984. Verslag van die wetenskapskomitee van die presidentsraad oor informele en nie-formele onderwys in Suid-Afrika. Kaapstad : Staatsdrukker. (PR 6/1984.).

SUID-AFRIKA. Wet op die nasionale beleid vir algemene onderwyssake. 1984. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Onderwys. 1991a. Verslag van die komitee van hoofde van onderwysdepartemente. Kaapstad.

SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding. 1991b. 'n Kurrikulummodel vir onderwys in Suid-Afrika. Besprekingsdokument, Komitee van Onderwysdepartementshoofde. Pretoria : UNISA. Nov.

SUID-AFRIKA. Departement van Nasionale Opvoeding. 1991c. Onderwysvernuwingsstrategie. Besprekingsdokument. Kaapstad. (Voorsitter: R.H.Stumpf.)

SUID-AFRIKA. Departement van Mannekrag. 1992. Maandbulletin van geregistreerde werkloosheidstatistiek. Pretoria : Staatsdrukker. Oktober.

SUID-AFRIKA. 1995. Witskrif oor onderwys en opleiding. (Kennisgewing no.197 van 1995.) Staatskoerant WPJ/1995, Nov. 16. (Regulasiekoerant no. 16313.)

SUNTER,C. 1987. Die wêreld en Suid-Afrika in die jare negentig. Kaapstad : Human & Rousseau.

TAYLOR, C.A. 1989. Evaluering van die implementering van 'n kurrikulum. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,9(3): 547-550.

TAYLOR,C.A. 1992. Verkennende ondersoek na die inhoud van 'n kurrikulum om vrede in Suid-Afrika te bevorder. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,12(2):194-198.

UNTERHALTER, E., WOLPE, H. & BOTHA, T. 1991. Education in a future South Africa. Oxford : Heinemann.

VAN DEN BERG, D.J. 1985a. Die opleiding van onderwysers vir loopbaangerigte onderwys in die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria : Unisa.

VAN DEN BERG, L.G. 1985b. Die plek en waarde van beroepsoriëntering in die Oranje-Vrystaatse Sekondêre Skole - 'n Psigopedagogiese ondersoek. Bloemfontein : UOVS. (Verhandeling - M.Ed.)

VAN DEN BERG, D.J. 1987. The training of teachers for career education in the RSA with special reference to the formative nature of career education. Pretoria : UNISA. (Proefskrif - D.Ed.)

VAN DER STOEP, F. 1984. Non-formal Education. Pretoria: Codex Uitgewers.

VAN DER WALT, J.L. 1991a. Moontlike historiese redes vir die skynbare wantroue van swart leerlinge jeens tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,11(3):166-171.

VAN DER WALT, J.L. 1991b. Die opvoedings- en onderwysgeskiedenis van die swartmense van Suid-Afrika: van oerbegin tot post-apartheid. Potchefstroom : P.U.vir C.H.O.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. red. 1990. Doeltreffende onderwysbestuur. Pretoria : HAUM.

VAN GRAAN, F. & VAN DER WALT, M.P.A. 1983. Tendense: opleiding en ontwikkeling van mannekrag. Referate gelewer by geleentheid van 'n simposium gehou op 9 en 10 Junie. Vanderbijlpark : Vaaldriehoekkampus van P.U. vir C.H.O.

VAN KRADENBURG, L.P. 1990. Mannekragbeplanning en die onderwys: enkele oriënterende gedagtes. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,10(1):79-83.

VAN RENSBURG, D. 1993. Samewerking tussen tegniese kolleges en technikons. CSD/SWO Bulletin,5(4):8-9.

VAN RENSBURG, D.J.J. 1986. Die toekomsrol van technikons. Spectrum,24(1):2-5. Feb.

VAN RENSBURG, D.J.J. 1992. Technikon van ondernemers. Focus bulletin:12-13, Maart.

VAN ROOY, M.P. 1992. Eise aan die kurrikulum in 'n tegnologiese era met verwysing na die gemeenskap as veranderlike. S.A. tydskrif vir opvoedkunde,12(2):230-234.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1985a. Onderwysvernuwing:noodsaaklikheid, aard, beginsels en voorwaardes. Fokus.13(1):744-761. April.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1985b. Vernuwingsgerigte onderwysorgasasies. S.A.tydskrif vir opvoedkunde,6(2):79-85.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1988. Die onderwysstelsel teorie en praktyk. Alkantrant : Alkanto.

VAN WYK, M.J. 1987. Die tegniese skool en sy plek in die industrie. Education bulletin,31(1):47-53.

VAN WYK, W. 1990. Wrong values lead to wrong training. Tempo,1:8-9.

VAN ZYL, A.J. 1988. Beroepsgerigte onderwys aan spesiale skole in Transvaal. Potchefstroom : P.U.vir CHO. (Verhandeling - M.Ed).

VENTER, E. 1987. Die wekking van 'n positiewe arbeidsgesindheid as pedagogiese opgawe met die oog op sinvolle beroepskeuse en -beoefening. Pretoria : Unisa. (Verhandeling M.Ed.)

VILJOEN,G.van N. 1983. Tendense:opleiding en ontwikkeling van mannekrag. Saamgestel deur F.van Graan en M.P.A. van der Walt. Referate gelewer by geleentheid van 'n simposium gehou op 9 en 10 Junie. Vanderbijlpark : Vaaldriehoekse tak van P.U. vir CHO.

WET 76 VAN 1984
kyk
SUID-AFRIKA.

WHITE, M. 1987. The Japanese educational challenge. London: Collier Macmillan.

WIERSMA, W. 1985. Research methods in education. Massachusetts : Allyn & Bacon.

WOLMARANS, S. 1988. Educational curricula should address key job competencies. Human Resource Management, 20:20-23. Aug.

VRAELYS BYLAE A

ALGEMENE INLIGTING AAN RESPONDENTE.

Die doel van hierdie onderhoud is om inligting te bekom oor die opvattinge, verwagtinge en aanbevelinge van die privaatsektor ten opsigte van onderwys in die Republiek van Suid-Afrika.

Die inligting wat bekom word, word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal as streng vertroulik behandel word.

U samewerking word hoog op prys gestel.

BEANTWOORD ASSEBLIEF DIE VOLGENDE VRAE

Afdeling A: Algemene inligting aangaande die respondent

1. Geslag: Manlik/Vroulik

2. Ouderdom:

20 - 30

30 - 40

40 - 50

bo 50 jaar

3. Kwalifikasies van respondent:

   Std. 10

   St.10 plus 'n technikon diploma

   St.10 plus 'n diploma van 'n ander instansie

   St.10 plus 'n graad

   Honneursgraad of hoër

4. Jare ondervinding in huidige bestuurspos by die betrokke onderneming?

   -------------------------------------------------------

Afdeling B: Algemene inligting aangaande die maatskappy

5. Tipe onderneming:

   a) staalnywerheid

   b) mynbou

   c) bank

   d) kettingwinkel

   e) meubelbedryf

   f) klerebedryf

   g) versekering

   h) vervoer

   i) diensorganisasie

   j) voedselbedryf

k) rekenmeesters

l) siviele ingenieurswese

6. Hoeveelheid mense naastenby in diens:

a) 500 - 1000

b) 1001 - 2000

c) 2001 - 3000

d) 3001 - 4000

e) 4001 - 5000

f) meer as 5000

7. Omgewing geleë:

b) Takke landwyd

c) Oos-Rand

d) Wes-Rand

e) Vaaldriehoek

f) Johannesburg-omgewing

Afdeling C: Opvattings oor skoolverlaters

8. Hoe gereeld word skoolverlaters indiens geneem?
(Maandeliks/Kwartaalliks/Halfjaarliks/Jaarliks/Tweejaar-liks of minder)

-----------------------------------------------------------

9. Verstrek asseblief meer besonderhede aangaande u beleid ten opsigte van indiensneming van skoolverlaters.

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

10. Hoe produktief vind u dat skoolverlaters in u diens aangewend kan word?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

11. Wat is u maatskappy se mening oor die akademiese kwaliteit van die skoolverlater?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

12. Gee u by indiensneming tans voorkeur aan enige spesifieke tipe skool se leerlinge (byvoorbeeld leerlinge van tegniese-, landbou- of gewone akademiese skole)? Ja/Soms/Nee

13. Indien u positief geantwoord het op vraag 12, kan u asseblief sê waarom?

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

Afdeling D: Betrokkenheid by onderwys

14. In watter mate is die maatskappy tans betrokke by onderwys?

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

15. Word voorgenome betrokkenheid soms in die wiele gery?

Ja/Soms/Nee

16. Indien u antwoord op vraag 15 positief was, is u bereid om te verduidelik deur watter faktore en in welke mate?

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

-----------------------------------------------------

17. Indien u maatskappy huidiglik nie betrokke is by onderwys nie, word enige vorm van betrokkenheid beplan vir die nabye toekoms? Indien wel, wil u nou daaroor uitbrei?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

Afdeling E: Menings oor en verwagtinge van die onderwys

18. Wat is u mening oor die aard van onderwys wat tans in die land aangebied word? Is die onderwys na u mening te akademies? Wat is na u mening die gevolge daarvan?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

19. Wat is u verwagtinge van 'n ideale onderwysstelsel?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

20. Sou u graag enige veranderinge wou aanbeveel vir die huidige onderwysstelsel gegewe die realiteite in die land? Ja/Nee

21. Indien wel, sou u daaroor wou uitbrei?

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------

Dankie vir u samewerking en tyd afgestaan vir die onderhoud.

QUESTIONNAIRE

GENERAL INFORMATION TO RESPONDENTS

The aim of the interview is to get information regarding the views, expectations and recommendations of the private sector regarding education in South Africa.

This information will be used for research purposes only and will be dealt with in a confidential manner.

Your cooperation will be appreciated.

Please answer the following questions.

SECTION A: General information regarding the respondent.

1. Gender Male/Female

2. Age

   20 - 30

   31 - 40

   41 - 50

   above 50

3. Qualifications of respondent:

   Std. 10

   Std. 10 plus a technikon diploma

   Std. 10 plus a diploma from any other institution

   Std. 10 plus a degree

   Honours degree or higher

4. Years of experience in present managerial post in company concerned.

   ----------------------------------------------------

SECTION B: General information regarding the company

5. Type of company

   a) steel industry

   b) mining industry

   c) banking

   d) chain store

   e) furniture industry

   f) clothing industry

   g) insurance

   h) transport

   i) service industry

   j) food industry

k) accountants

6. Number of people employed

a) 500 - 1000

b) 1001 - 2000

c) 2001 - 3000

d) 3001 - 4000

e) 4001 - 5000

f) more than 5000

7) Area situated

a) Country-wide

b) East Rand

c) West Rand

d) Vaal Triangle

e) Johannesburg

SECTION C: Opinion regarding school leavers

8. How often does your company employ people who have just left school?

(monthly/quarterly/yearly/seldom

----------------------------------------------------------

9. Please give more information regarding the company

policy in connection with employment of schoolleavers.

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

10. Do you think people who have just left school are very productive when employed?

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

11. What is the company's point of view regarding the academic standard of people who have just left school?

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

---------------------------------------------------------

12. Does your company give preference to people coming from a particular type of school? (e.g. technical or agricultural school)

---------------------------------------------------------

13. If the answer to question 12 was positive, would you please give reasons.

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

SECTION D: Involvement with education

14. In which way is your company presently involved in education?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

15. Do you find that your efforts to involve yourself in educational matters are frustrated sometimes?

-------------------------------------------------------

16. If the answer to question 15 was yes, do you mind to elaborate?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

17. If the company isn't involve in education at present, are you planning anything for the future? If so, do you want to give details?

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

SECTION E: Opinions and expectations concerning education

18. What is your opinion regarding the type of education which is offered in the country at present?

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

19. What would you expect of an ideal education system?

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

-----------------------------------------------------------

20. Would you like to make any recommendations for changes

in the present education system?

-------------------------------------------------------

21. If so, would you like to give more details?

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

-------------------------------------------------------

Your co-operation is highly appreciated.